

Graad R-Wiskunde- verbeteringsprogram

Aktiwiteitsgids: Kwartaal 4



Afrikaans

Die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek is 'n inisiatief van die **Gauteng Departement van Onderwys** en sy sleutelvennoot, die **Gauteng Education Development Trust**.

Die ontwikkeling en produksie van die opleidings- en klaskamerhulpbronne vir die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek is moontlik gemaak deur ruimskootse projekbefondsing van die **United States Agency for International Development** en die **Zenex-stigting**.

Die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek word bestuur deur **JET Education Services** met die **Schools Development Unit** aan die **UK** en **Wordworks** as tegniese vennote.

Die **Schools Development Unit** (SDU) aan die **Universiteit van Kaapstad** (UK) is die tegniese vennoot vir wiskunde vir die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek. Die SDU is 'n eenheid binne die School of Education van die UK wat op die professionele ontwikkeling van onderwysers ten opsigte van Wiskunde, Wetenskap, Geletterdheid/Taal en Lewensvaardighede van Graad R tot Graad 12 fokus. Die SDU bied onderwyskwalifikasies en goedgekeurde kortkursusse van die UK, skoolgebaseerde werk, materiaalontwikkeling en navorsing om onderrig en leer in alle Suid-Afrikaanse kontekste te ondersteun.

Hierdie uitgawe van die wiskundemateriaal het gebaat by die betrokkenheid van kollegas by Wordworks en is verbeter deur dit in ooreenstemming te bring met die materiaal van die Taalverbeteringsprogram. Dit is verryk deur die werk van amptenare van die subdirektorate vir Vroeëkindertontwikkeling- en Grondslagfase-kurrikula van die Gauteng Departement van Onderwys op distriks- en provinsiale vlak, wat waardevolle bydraes gelewer het tot die inhoud van die materiaal en konstruktief meegewerk het om te verseker dat dit in ooreenstemming is met provinsiale beleid, praktyke en waardes.


ERKENNINGS

Spesiale dank aan:

- ★ Die amptenare van die Direktoraat: Kurrikulum, Direktoraat: Onderwyseropleiding en Direktoraat: Spesiale Onderwys van die Gauteng Departement van Onderwys vir hul bydrae tot die aanpassing van ons materiaal.
- ★ Kollegas van Wordworks, tegniese vennoot vir taal vir die Graad R-Wiskunde- en -Taal-verbeteringsprojek, vir samewerking aan die materiaalontwikkeling.
- ★ Amptenare en onderwysers van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) vir hul bydrae tot die suksesvolle implementering van die Grade R Mathematics Programme (*R-Maths*) in die Wes-Kaap tussen 2016 en 2019.
- ★ Die *R-Maths*-skryfspan: SDU-personeel en -konsultante, en amptenare van die WKOD.

Die Graad R-Wiskunde-verbeteringsprogram is aangepas uit *R-Maths*, eerste uitgawe in 2017 deur die Schools Development Unit, Universiteit van Kaapstad. Kopiereg van *R-Maths* berus by die Universiteit van Kaapstad.

Die Graad R-Wiskunde-verbeteringsprogram is gelisensieer onder 'n Creative Commons Attribution 4.0 International Licence [Attribution-Non-Commercial-ShareAlike].



Hierdie lisensie laat hergebruikers toe om die materiaal in enige medium of formaat vir nie-kommersiële doeleindes alleenlik te versprei, te vermeng, aan te pas en uit te brei, en dan slegs indien erkenning aan die skepper daarvan gegee word. Indien die materiaal vermeng, aangepas of uitgebrei word, moet die gewysigde materiaal ingevolge identiese voorwaardes gelisensieer word.

Om die volledige voorwaardes vir hierdie lisensie te besigtig, gaan na: <https://creativecommons.org/licenses/by-nc-sa/4.0/>

Programkonseptualisering en -bestuur: Cally Kuhne en Tholisa Matheza

Vertaling- en publikasieprojekbestuur: Arabella Koopman

Vertalingskoördineerder (Afrikaans): Ilse von Zeuner

Vertaling: Anita van Zyl

Redigering en proeflees van Afrikaanse uitgawe: Ilse von Zeuner, Language Mechanics

Illustrasies: Jiggs Snaddon-Wood

Geset deur: Jenny Wheeldon

Ontwerp: Magenta Media

Omslagontwerp: Jacqui Botha

Inhoud

Inleiding	4
Inhoudsoorsig: Kwartaal 4	10
Week 1	12
Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	
Week 2	20
Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	
Week 3	28
Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	
Week 4	36
Fokus van Inhoudsarea: Patrone, Funksies en Algebra	
Week 5	45
Fokus van Inhoudsarea: Ruimte en Vorm (Meetkunde)	
Week 6	53
Fokus van Inhoudsarea: Meting	
Week 7	61
Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	
Week 8	69
Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	
Week 9	77
Fokus van Inhoudsarea: Ruimte en Vorm (Meetkunde)	
Week 10	85
Fokus van Inhoudsarea: Datahantering	
Assessering	93
Hulpbronne	95
Liedjies, rympies en stories.....	95
Patroontemplate	101

Aktiwiteite vir die hele klas per dag

- Rympie of liedjie
- Mondelinge tel
- Tel van konkrete voorwerpe
- Aktiwiteite en vrae wat verband hou met onderwerpe in die inhoudsarea

Aan die einde van die aktiwiteit vir die hele klas, moet die onderwyser vir die leerders wys wat hulle by elke werkstasie moet doen. Al die materiaal wat hulle benodig, behoort gereed te wees sodat hulle met die aktiwiteite kan begin.



Oorgange: beweging tussen aktiwiteite

Wanneer leerders tussen die mat en die werkstasies beweeg, is dit 'n goeie geleentheid om ritmiese tel en prettige, kreatiewe maniere om te beweeg te oefen, byvoorbeeld, stadig soos skilpaaie, hop soos hasies, stil soos muisies, een-een met hul naam-/prentsimboolkaarte.

Kleingroepaktiwiteite

- Daar is een onderwyser-gerigte aktiwiteit per dag.
- Daar is vier kleingroepaktiwiteite per dag. Hierdie vier onafhanklike aktiwiteite (of selfstandige aktiwiteite) behoort by vier **werkstasies** in die klaskamer opgestel te word – of by die tafels waar leerders sit of staan, of op die mat, of buite. Die groepe roteer in die loop van 'n week na elke **werkstasie**, afhangend van hoe die onderwyser die aktiwiteite beplan het. Herinner leerders om beurte te maak, materiaal te deel en mekaar te help terwyl hulle werk.


Opruimtyd

Leerders moet weet waar die materiaal en toerusting gebêre word. 'n Rak of tafel wat slegs vir wiskunde-toerusting is, sal leerders help om georganiseerd te wees. Moedig leerders aan om mekaar tydens opruimtyd te help. Aanvanklik sal leerders hulp nodig hê en jy sal hulle moet herinner waar om dinge te bêre, maar hulle sal gou 'n roetine leer om dinge te bêre waar dit hoort. Kies elke week groepleiers en helpers om op te ruim. Gee vir hulle spesifieke take en verantwoordelikhede.

Vryekeuse-aktiwiteite

Stel kreatiewe, interessante aktiwiteite beskikbaar waaruit leerders kan kies sodra hulle die aktiwiteit by hul werkstasie voltooi het. Dit kan insluit:

- blokkies of ander konstruksie-speelgoed
- legkaarte
- speeldeeg
- boeke in die leeshoekie
- fantasiespel, byvoorbeeld, winkel-winkel
- bladsye uit werkboeke, of werkblaai.




Assessering

Waarneming en deurlopende assessering tydens onderwyser-gerigte aktiwiteite en aktiwiteite vir die hele klas bied geleentheid vir insig in, en 'n goeie oorsig van, elke leerder se vordering. Hierdie inligting is belangrik om verdere onderrig en intervensies vir individuele leerders te rig. Die kontrolelys vir deurlopende assessering op bladsye 93–94 van hierdie gids is gegrond op die inhoud wat in Kwartaal 4 onderrig word. Hierdie templaot kan gebruik word om elke leerder se vordering gedurende die kwartaal aan te teken.

Grade R Maths in die klaskamer

Stel 'n area in die klaskamer op wat net vir wiskunde is, en wat naby die mat is. Dit is 'n gedeelde ruimte waar leerders kan bydra tot, en deelneem aan, die onderwerp waarvan hulle leer. 'n Ideale wiskunde-area sal die volgende insluit:

- klein tafeltjie teen die muur
- getallelyn wat met tou en pennetjies gemaak is
- daaglikse weerkaart
- kalender vir elke maand met blokkies vir elke dag
- kaart met die name van die dae van die week
- dagprogram met prente vir die verskillende aktiwiteite
- leerders se naamkaarte en simbole gerangskik volgens hul groepname
- helper-simbole wat vir leerders gegee word volgens die dag van die week
- helperskaart.



Maak saam met die leerders 'n plakkaat met "klaskamerreëls". Stal dit uit waar hulle dit maklik kan sien. Daar behoort nie meer as ses of sewe reëls te wees nie.

Ons klaskamerreëls




Hulpbronne vir *Grade R Maths*

Grade R Maths Hulpbronnstel

Grade R Maths verskaf 'n hulpbronnstel vir die onderrig en leer van wiskunde wat apparaat vir 'n klein groepie van ses tot agt leerders bevat. Die hulpbronnstel sluit die volgende items in:

- telmateriaal, byvoorbeeld gekleurde skywe en stokkies, vrugte- en dieretellers, Unifix-blokkies
- ekstragroot dobbelstene
- stringe met tien struktuurkrale
- kolkaarte
- getalkaarte: getalsimbole (0–10) en getalname (nul–tien)
- attribuutblokke.



Dit behoort nie die enigste hulpbronne te wees wat onderwysers en leerders tydens wiskunde-aktiwiteite gebruik nie. Alledaagse voorwerpe van die huis af is ideaal om te sorteer, te tel en om vorms te verken.

Herwinbare materiaal

Bêre herwinbare materiaal in houers met deksels wat duidelik gemerk is (soos: vrugte- en groenteverpakkings, 2 liter-roomyshouers en 500 ml-fetakaashouers). Bêre die houers op 'n rak of iewers waar leerders dit kan bykom. Moedig leerders aan om die voorwerpe weg te pak wanneer dit opruimtyd is indien hulle dit by hul werkstasies of vir vryekeuse-aktiwiteite gebruik het. Hier volg 'n paar idees vir wiskunde-hulpbronne:

- bottelproppies en deksels (verskillende vorms, groottes en kleure)
- bokse van verskillende groottes (tandepasta-, graankos-, koekie-, jellie-, verpakkingsbokse)
- plastiekhouers (500 ml- en 1 liter-bottels, margarienhouders, 250 ml- en 500 ml-jogurthouers, roomysbakke, groenteverpakkings)
- buise en silinders (kartontoiletrolle, kartonhanddoekrolle, karton-tinfoelierolle, blikke)
- eierboksies
- knope, ou sleutels, plastieklepels, roomysstokkies, broodsakkie-knypers
- verskeidenheid balle, boontjiesakke, hoelahoepels.



Ander hulpbronne

Ander nuttige hulpbronne vir die onderrig van *Grade R Maths* sluit in:

- kryte, verf, gom, skêre
- speeldeeg of modelleerlei
- boeke wat vir wiskunde-besprekings gebruik kan word
- boublokke en konstruksie-speelgoed (versamel stukkies afvalhout, indien nodig)
- 'n verskeidenheid legkaarte en speletjies, byvoorbeeld domino's, slangetjies en leertjies, Ludo, Lotto


- lengtekaart
- groot speelkaarte
- speelgeld: munte en note (om in 'n speel-speel-winkel te gebruik)
- groot muurhorlosie met wysers
- balanseerskaal
- krale om te sorteer, in te ryg en patrone mee te vorm
- apparaat om in sand en water mee te speel
- apparaat vir klim, balanseer, swaai en spring.

Die *Grade R Maths* Plakkaatboek

Daar is elf plakkaate in die *Grade R Maths Plakkaatboek*. Die plakkaate beeld bekende kontekste uit waarby leerders aanklank vind en wat een of ander aspek van wiskunde vasvang, byvoorbeeld, in die klaskamer, op die speelgrond en in die kombuis. Die plakkaate is bedoel om belangstelling te wek in, en bespreking te stimuleer van, wiskunde-onderwerpe, wat insluit: getal, patrone, ruimte en vorm, volgorde van tyd, en meting. Die plakkaate kan gebruik word om leerders se kritiese denke en redeneervermoë te oefen. Dit is perfek vir die ontwikkeling van probleemoplossingsvaardighede en vir wiskunde-ondersoeke.

Onderwysers kan leerders aanmoedig om die plakkaate te bespreek en hul idees te deel deur vrae te stel om hulle te lei om op 'n spesifieke aspek van die plakkaat te fokus, byvoorbeeld:

- Wat sien julle in die prent?
- Waar dink julle is die kinders/mense?
- Wat gebeur in die prent?
- Kan julle vir my 'n storie oor die prent vertel?
- Hoeveel ... kan julle sien? Wat as daar een meer/minder ... is?
- Waar is die ...?
- Wat sal gebeur as ...?
- Wat dink julle gaan volgende gebeur?
- Wat dink julle kan ... sien van waar hulle staan?
- Watter patroon kan julle sien? Beskryf die patroon.
- Watter vorms kan julle sien?
- Watter ... is die langste/kortste?
- Kan julle enige wiskunde-woorde gebruik om iets in die prent te beskryf?



Inhoudsoorsig: Kwartaal 4

LET WEL: Fokus van Inhoudsarea en Nuwe kennis is in pers. Ander inhoud wat in die week gedek word, is in grys.

Fokus van Inhoudsarea	Week 1	Week 2	Week 3	Week 4	Week 5
1. Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	<p>Getal 9</p> <p>Tel in twees</p> <p>Mondelinge tel: tel aan van 1–20 en verder, tel terug van 10–1</p> <p>Tel voorwerpe van 1–10</p> <p>Plaas getalle van 1–8 in volgorde</p> <p>Ordinale getalle eerste tot vyfde</p> <p>Vaslegging van getalkonsep 1–8</p>	<p>Getal 10</p> <p>Tel op, altesaam</p> <p>Trek af/vat weg</p> <p>Mondelinge tel: tel aan van 1–20 en verder, tel terug van 10–1</p> <p>Tel voorwerpe van 1–10</p> <p>Plaas getalle van 1–9 in volgorde</p> <p>Vaslegging van getalkonsep 1–9</p> <p>Tel in twees</p>	<p>Getal 0</p> <p>Mondelinge tel: tel aan van 1–20 en verder, tel terug van 10–1</p> <p>Tel voorwerpe van 1–10</p> <p>Plaas getalle van 1–10 in volgorde</p> <p>Vaslegging van getalkonsep 1–10</p> <p>Tel in twees</p> <p>Optel, aftrek</p>	<p>Mondelinge tel: tel aan van 0–20 en verder, tel terug van 10–0</p> <p>Tel voorwerpe van 1–10</p>	<p>Mondelinge tel: tel aan van 0–20 en verder, tel terug van 10–0</p> <p>Tel voorwerpe van 1–10</p>
2. Patrone, Funksies en Algebra				<p>Ontwerp, kopieer en brei 'n klankpatroon uit</p> <p>Teken patrone van voorwerpe</p> <p>Ontwerp, kopieer en brei patrone uit deur konkrete voorwerpe te gebruik</p>	
3. Ruimte en Vorm (Meetkunde)					<p>Posisie van voorwerpe in verhouding tot mekaar en tot die leerdere</p> <p>Legkaarte met vier-en-twintig stukke</p> <p>Posisie van voorwerpe in verhouding tot mekaar</p> <p>Simmetrie</p> <p>Rigting: pyle</p> <p>Rigting: links, regs</p>
4. Meting					
5. Datahantering					

Fokus van Inhoudsarea	Week 6	Week 7	Week 8	Week 9	Week 10
1. Getalle, Bewerkings en Verwantskappe	<p>Mondelinge tel: tel aan van 0–20 en verder, tel terug van 10–0</p> <p>Tel voorwerpe van 1–10</p> <p>Plaas getalle van 1–10 in volgorde</p>	<p>Ordinale getalle: sesde</p> <p>Verdeel sonder 'n res</p> <p>Dubbel/twee keer</p> <p>Mondelinge tel: tel aan van 0–20 en verder, tel terug van 10–0</p> <p>Tel voorwerpe van 1–10</p> <p>Plaas getalle van 0–10 in volgorde</p> <p>Ordinale getalle eerste tot vyfde</p> <p>Tel in twees</p> <p>Tel op, trek af</p> <p>Halveer</p>	<p>Verdeel met 'n res</p> <p>Mondelinge tel: tel aan van 0–20 en verder, tel terug van 10–0</p> <p>Tel voorwerpe van 1–10</p> <p>Plaas getalle van 0–10 in volgorde</p> <p>Vaslegging van getalkonsep 0–10</p> <p>Probleemoplossing van 1–10</p> <p>Verdeel sonder 'n res</p> <p>Halveer, verdubbel</p>	<p>Mondelinge tel: tel aan van 0–20 en verder, tel terug van 10–0</p> <p>Tel voorwerpe van 1–10</p> <p>Sorteer vorms volgens grootte, kleur en vorm</p> <p>Vormbehoud</p> <p>Vorms: sirkel, vierkant, driehoek, reghoek</p> <p>Voorgrond-agtergrond-persepsie</p>	<p>Mondelinge tel: tel aan van 0–20 en verder, tel terug van 10–0</p> <p>Tel voorwerpe van 1–10</p> <p>Plaas getalle van 1–10 in volgorde</p> <p>Probleemoplossing van 1–10</p> <p>Meer, minder, ewe veel</p> <p>Skatting</p>
2. Patrone, Funksies en Algebra					
3. Ruimte en Vorm (Meetkunde)					
4. Meting	<p>Kapasiteit</p> <p>Volume</p> <p>Lengte en tyd – lengtekaart</p>				
5. Datahantering					<p>Piktogram wat 'n groter stel data toon</p> <p>Versamel, sorteer en stel versamelings voorwerpe voor</p> <p>Analiseer en doen verslag oor data</p>

Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe

Onderwerpe

- Herken getalsimbole en getalname
- Beskryf, vergelyk en orden getalle

Nuwe kennis

- Getal 9
- Tel in twees

Oefen

- Mondelinge tel: tel aan van 1–20 en verder, tel terug van 10–1
- Tel voorwerpe van 1–10
- Plaas getalle van 1–8 in volgorde
- Ordinale getalle eerste tot vyfde
- Vaslegging van getalkonsepte 1–8

Nuwe wiskunde-woordeskat


nege

tel in twees

Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- getalfries en patroontemplant van huis vir die getal 9 (bladsy 101)
- boks met voorwerpe uit die klaskamer, 1–10 van 'n soort, byvoorbeeld, 1 pop, 2 blokkies, 3 balle, 4 boeke, 5 potlode, ensovoorts
- kolkaart, getalsimboolkaart en getalnaamkaart vir die getal 9
- getalsimboolkaart vir die getal 9 (vir die getal-wasgoedlyn)
- speeldeeg-patroontemplant: Getal 9 (bladsy 104) – 1 per leerder
- 8 plaaswerfresies-speletjies (bladsy 107)
- aktiwiteitsblad: verbind-die-kolle (bladsy 108) – 1 per leerder
- roomys-aktiwiteit (bladsy 109) – 1 per leerder
- aktiwiteitsblaai met voëls – 1 per leerder.



Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- Getalfriese 1–8
- *Getal 9-storie* (bladsy 95)
- Getalfries en patroontemplant van huis vir die getal 9 (bladsy 101)



WENK


Onthou om oor die dagprogram te gesels. Onthou om elke dag die kalender, dae van die week, maande van die jaar en verjaarsdagkaart te doen.

1. **Liedjie/rympie:** Leerders sing 'n liedjie of sê 'n rympie van hul keuse uit vorige kwartale.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders sit hul hande agter hul rûe. Roep 'n getal uit. Leerders hou die korrekte getal vingers op om die getal voor te stel.
4. **Stel die getal 9 bekend:** Wys na die getalfriese van 1–8.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel diere dink julle sal in die volgende huis woon?
- ★ Sal daar meer of minder as agt wees?

Vertel die *Getal 9-storie*. Wys die dele van die getalfries terwyl jy die storie van die voëls en die prente van die huis opbou: die verskillende voorstellings van die getal 9 – die prent, die kolle, die getal en die woord. Stal die dele van die fries in die dierehuis langs die getal 8 teen die muur in die wiskunde-area uit. Tel saam die voëls. Leerders oefen die getal 9 deur dit met hul vingers in die lug of op die mat te skryf.



- ★ Hoeveel voëls tel julle?
- ★ Hoeveel vlerke/snawels/pote het elke voël?
- ★ Hoeveel meer voëls is daar as muis/apies, ensovoorts?

Leerders dramatiseer die storie.

- ★ Hoe het die voëls gevlieg?
- ★ Wat het hulle gedoen toe hulle by hul huis kom?
- ★ Kan julle vir my wys hoe hulle die eerste aand geslaap het?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie. Werkstasie 4 is 'n bordspeletjie wat met 'n dobbelsteen gespeel word. Wys vir leerders hoe om die dobbelsteen te gooi en hul dieretellers die ooreenstemmende getal plekke op die bord te skuif.



WENK

Demonstreer hoe om bordspeletjies te speel om seker te maak leerders verstaan die reëls van elke speletjie.

Dag 2

Wat jy nodig het

- Rympie: *Twee klein kuikentjies* (bladsy 95)
- Boks met voorwerpe uit die klaskamer: 1–10 van 'n soort, byvoorbeeld, 1 pop, 2 blokkies, 3 balle, 4 boeke, 5 potlode, ensovoorts
- Kolkaart, getalsimboolkaart en getalnaamkaart vir die getal 9

1. **Rympie:** Stel die rympie, *Twee klein kuikentjies*, bekend.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Versprei die voorwerpe in die boks in die klaskamer. Leerders maak beurte om die voorwerpe te soek en dit in die boks te pak terwyl almal tel.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel blokkies/poppe/kryte, ensovoorts, het julle gevind?
 - ★ Wie het agt blokkies/twee poppe/tien kryte, ensovoorts, gevind?
4. **Wiskundetafel:** Drie groepe leerders versamel elk nege soortgelyke klein voorwerpe, byvoorbeeld, blare, klippies, kryte of blokkies. Leerders gaan sit weer in hul groepe op die mat. Elke groep sê wat hulle gevind het en hoeveel hulle gevind het. Gee vir elke groep 'n kolkaart, getalsimbool- of getalnaamkaart vir die getal 9. Een groep op 'n slag plaas hul voorwerpe en die kaart vir die getal 9 op die wiskundetafel.
Leerders klap, spring, hop en tree nege keer vorentoe en agtertoe.
 5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Rympie: *Twee klein kuikentjies* (bladsy 95)
- Kolkaarte 1–9 (*Hulpbronstel*)

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Twee klein kuikentjies*, op.



WENK

Vind of maak liedjies of rympies met 'n soortgelyke tema op sodat jy liedjies en rympies in al die leerders se huistale insluit. Skep byvoorbeeld kletsrymliedjies op die maat van musiek.

2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Vyf leerders staan in 'n ry voor in die klas en hou hul hande uit. Tel saam hul hande in twees terwyl jy aan elk van die vyf leerders se hande raak, d.i. twee hande, vier hande, ses hande, ensovoorts. Herhaal deur leerders te vra om 2, 4, 6, 8, 10 te tel terwyl jy aan hulle hande raak. Herhaal met ander groepe van vyf leerders en tel ore, oë, voete, bene, elmboë, ensovoorts.
4. **Kolkaarte, en orden getalle 1–9:** Leerders sit in 'n kring. Wys vir hulle die kolkaarte 1–9 afsonderlik. Hulle roep die getal kolle uit wat hulle op elke kaart sien. Hou die kaarte op sodat leerders dit kan sien.

Wys 'n kaart met agt of minder kolle. Sê: "Ek wens ek het nege kolle gehad." Een leerder vind die kolkaart wat nodig is om 9 te maak. Herhaal met ander kolkaarte.

Leerdere maak beurte om kolkaarte by getalle op die friese te pas en plaas dit in die korrekte volgorde teen die muur.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel kolle sien julle?
- ★ Hoeveel kolle het ons nog nodig om 9 te maak?

Leerdere maak beurte om die getalsimbool- en getalnaamkaart te soek wat by elke kolkaart pas.

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Eendjies, eendjies, twee in 'n ry* (bladsy 95)
- Bordkryt/maskeerband
- Getalsimboolkaart vir die getal 9 om by die getal-wasgoedlyn te voeg

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Eendjies, eendjies, twee in 'n ry*.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Trek met bordkryt of maskeerband 'n sirkel op die mat om 'n dammetjie voor te stel. Ses leerders staan in pare in 'n ry en dramatiseer die liedjie, *Eendjies, eendjies, twee in 'n ry*. Wanneer elke paar in die sirkel trap – "In die water spring hul gou!" – tel ander leerders hulle in twees.
4. **Oefen en orden getalle 1–9:** Haal die getalkaarte van die getal-wasgoedlyn af. Sluit die getalkaarte vir die getal 9 in en gee die kaarte vir nege leerders. Leerders plaas hulself in volgorde van 1 tot 9.

Leidende vrae:

- ★ Watter getal is eerste/tweede/vyfde?
- ★ Watter getal kom voor 3/na 7/tussen 3 en 5, ensovoorts?

Leerdere knyp hul getalsimbool- en getalnaamkaarte in volgorde van 1 tot 9 aan die getal-wasgoedlyn vas.

- ★ Watter getal is eerste/voor/na/tussen/kom volgende?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 5

Wat jy nodig het


- Liedjie: *Eendjies, eendjies, twee in 'n ry* (bladsy 95)
- Maskeerband/bordkryt
- Boontjiesak
- Plakkaat 3

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Eendjies, eendjies, twee in 'n ry*, en dramatiseer dit.

2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Maak 'n getalle-springbaan met 10 blokke uit maskeerband of bordkryt. Skryf getalle van 1 tot 10 in die blokke. 'n Leerder gooi 'n boontjiesak en spring tot by daardie getal terwyl die ander leerders tel. Die leerder staan op die getal, gooi weer die boontjiesak en spring verder terwyl die ander leerders weer tel.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel keer moet jy spring om tot by die getal _____ te kom?
 - ★ Op watter getal staan jy?
 - ★ Kan jy van 6 tot by _____ spring?
 - ★ Hoeveel spronge van 6 tot by _____?
4. **Oefen 1–9:** Bespreek Plakkaat 3. Gesels oor dit wat leerders in die prent sien.



Leidende vrae:

- ★ Hoeveel leerders dra skoene of dra nie skoene nie? Hoeveel pare skoene is daar altesaam?
 - ★ Hoeveel sebras/skoene/driehoeke/bome kan julle sien?
 - ★ Hoeveel sirkels is daar op die mat?
 - ★ Hoeveel voëls kan julle sien? Kan julle ander voëls sien? Hoeveel is daar altesaam?
 - ★ Hoeveel vierke/snawels het die vier voëls?
 - ★ Malusi het ses vorms in die boks. Hy gee twee vorms vir sy onderwyser. Hoeveel vorms bly in die boks oor?
 - ★ Wat kan julle op die tafel sien? Hoeveel balle/klippies/blokkies kan julle sien? Hoeveel altesaam?
5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Integrasie

Huistaal: Taalontwikkeling deur middel van rympies, Ontluikende Skryf (lees getalnaamkaarte), gebruik woordeskat vir hoeveelheid (meer/minder).

Lewensvaardighede: Liggaamlike ontwikkeling, byvoorbeeld, klippie-hink (Hasie).

Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- 'n Houer per leerder met:
 - Struktuurkrale
 - 3 deksels
 - 1 diereteller (verskillende kleur/soort per leerder)
 - 80 gekleurde tellers
- Plaaswerfresies-speletjie (bladsy 107)
- Dobbelsteen
- Speeldeeg en mat per leerder
- Speeldeeg-patroontemplot: Getal 9 (bladsy 104) – 1 per leerder

1. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders neem 'n handvol tellers uit die hoop op die mat.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel tellers dink jy is daar in jou hand?
- ★ Tel nou die tellers in jou hand. Hoeveel het jy?
- ★ Hoe naby was jou raaiskoot aan reg?
- ★ Hoeveel moet jy by jou handvol tellers wegvat of bysit om 10 tellers te hê?

2. **Woordprobleme:** Leerders gebruik tellers of kyk na hul eie en hul klasmaats se skoene om hulle te help om woordprobleme op te los.

Leidende vrae:

- ★ Daar is twee/drie/vier leerders. Elke leerder het twee skoene. Hoeveel skoene is daar altesaam?
- ★ As daar ses skoene is, hoeveel leerders kan skoene dra?

3. **Strukturkrale:** Elke leerder hou elk ses krale vas.

Leidende vrae:

- ★ Kan julle vir my een meer as ses krale wys?
 - ★ Hoeveel krale het julle?
- Leerders hou elk sewe krale vas.
- ★ Hoeveel krale het jy nodig om 9 krale te hê?
 - ★ Kan julle vir my vier minder as nege krale wys?
 - ★ Hoeveel krale het julle?

Leerders hou elk vyf krale vas.

4. **Skud en breek:** Leerders plaas hul twee deksels voor hulle. Hulle tel elkeen nege tellers uit. Hulle skud hul tellers en breek dit in twee groepe op. Hulle plaas dit op hul deksels soos hulle dit opgebreek het.

Leidende vrae:

- ★ Hoe het julle jul tellers opgebreek?
- ★ Hoeveel tellers het julle altesaam op albei deksels?

Herhaal die aktiwiteit. Leerders plaas nog 'n deksel voor hulle. Hulle rangskik hul tellers in drie groepe op die deksels.

- ★ Hoe het julle jul tellers gerangskik?
- ★ Watter deksel het meer/minder tellers?
- ★ Hoeveel tellers het julle altesaam?
- ★ Kan julle jul tellers op 'n ander manier rangskik?

5. **Oefen die getal 9 met speeldeeg:** Leerders gebruik speeldeeg om die speeldeeg-patroontemplaats vir die getal 9 te voltooi.
6. **Plaaswerfresies-speletjie:** Leerders haal hul dieretellers uit en plaas dit op die nul-blokkie op die bord. Elke leerder gooi die dobbelsteen. Die leerder met die grootste getal sal eerste speel, en die leerder met die tweede hoogste sal tweede speel, ensovoorts. Leerders gooi die dobbelsteen en skuif hul dieretellers op die bord soveel plekke as wat die dobbelsteen aandui. Hulle maak beurte en hou aan speel totdat al die leerders op die hooimied/10 land. Hulle moet die presiese getal op die dobbelsteen gooi om op die hooimied te land om die speletjie klaar te speel.

Leidende vrae:

- ★ Wie is die eerste/tweede/derde/volgende persoon wat 'n beurt moet kry?
- ★ Hoeveel plekke moet jou dier skuif?
- ★ Hoeveel meer plekke moet jou dier skuif van waar dit nou is om by die einde te kom?



Maak seker leerders kan:

- voorwerpe van 1–10 tel
- probleme met getalle 1–9 mondeling oplos
- getalle 1–9 afbreek en opbou
- getalle in die getalgebied 1–9 met mekaar vergelyk
- aan tel deur met 'n ander getal as 1 te begin

Werkstasie 1

Wat jy nodig het

- Aktiwiteitsblad met voëls vir elke leerder (sien bladsy 12)
- Getalsimboolkaart vir die getal 9 (Hulpbronstel)
- Kryte

Leerders omkring nege voëls en oefen om die getal 9 te skryf.



WENK


Soek na aktiwiteite in die DBO se werkboek wat geleenthede vir leerders bied om getalsimbole en getalname bymekaar te pas en te skryf. Stel dit vir leerders beskikbaar sodat hulle dit kan kies as deel van vrykeuse-aktiwiteite.

Werkstasie 2

Wat jy nodig het

- Verbind-die-kolle-bladsy vir elke leerder (bladsy 108)
- Kryte/verf
- Papier
- Watte
- Gom

Leerders verbind die kolle in die korrekte volgorde en versier hul voël met watte en verf of kryte.



Werkstasie 3

Wat jy nodig het

- Roomys-aktiwiteitsblad vir elke leerder (bladsy 109)
- Uitknipprente van roomysgetalname vir elke leerder (bladsy 109)
- Gom

Leerders knip die vorms van die roomyskeppies uit, pas die getalname by die getalsimbole en plak dit in die ruimte vas wat daarvoor gelaat is.

Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- Plaaswerfresies-speletjies (bladsy 107) – 1 per leerder
- 8 dobbelstene
- 8 dieretellers

Leerders gooi hul dobbelsteen en skuif hul dieretellers op die bord soveel plekke as wat die dobbelsteen aandui. Hulle hou so aan totdat hulle op die hooimied land. Hulle moet die presiese getal op die dobbelsteen gooi om op die hooimied te land en die speletjie te voltooi. As hulle nie die presiese getal gooi nie, moet hulle hul beurt afwag en weer probeer.



Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe

Onderwerpe

- Herken getalsimbole en getalname
- Beskryf, vergelyk en orden getalle

Nuwe kennis

- Getal 10
- Tel op, altesaam
- Trek af/vat weg

Oefen

- Mondelinge tel: tel aan van 1–20 en verder, tel terug van 10–1
- Tel voorwerpe van 1–10
- Plaas getalle van 1–9 in volgorde
- Vaslegging van getalkonsep 1–9
- Tel in twees

Nuwe wiskunde-woordeskat

tien

maak die getal

Hoeveel om by ... uit te kom?


Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- getalfriese en patroontemplant van huis vir die getal 10 (bladsy 102)
- kolkaarte, getalsimbool- en getalnaamkaarte vir die getal 10
- getalsimboolkaart vir die getal 10 (vir die getal-wasgoedlyn)
- getalbane van 1–10



- plaaswerfresies-speletjie (uit Week 1): speletjiesborde, dobbelsteen, 8 dieretellers
- getal-legkaarte van 1–10 (bladsy 110) – 1 per leerder
- speeldeeg-patroontemplant: Getal 10 (bladsy 105) – 1 per leerder
- stel kolkaarte 1–10 – per leerderpaar
- karton-uitknipprente van 10 bye
- 'n byekorf wat uit 'n kartonboks gemaak is, met 'n prent van 'n korf op die deksel en die deur uitgesny
- boomblare van karton – 2 per leerder
- 10 boomstamme uit karton, gemerk van 1–10 – 1 stel per leerder.



Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Tien heuningbytjies* (bladsy 96)
- Bordkryt
- GetalFriese 1–9
- Getalfries en patroontemplant van huis vir die getal 10 (bladsy 102)
- *Getal 10-storie* (bladsy 96)

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Tien heuningbytjies*.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Teken 10 blomvorme op die vloer. Speel musiek terwyl die leerders soos bye in die klas rondsoem. Roep 'n getal van 1 tot 10 uit wanneer die musiek ophou. Leerders groepeer hulself soos bye op 'n blom volgens die getal wat uitgeroep word. Die leerders wat nie deel kan wees van 'n groep op 'n blom nie, val uit. Herhaal.



Leidende vrae:


- ★ Hoeveel blomme is daar?
- ★ Hoeveel bye is daar op hierdie blom?
- ★ Hoeveel bye het nie 'n blom nie?

4. **Stel die getal 10 bekend:** Wys na die getalfriese 1–9.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel diere dink julle sal in die volgende huis woon? Waarom dink julle so?
- ★ Sal daar meer of minder as nege wees?

Vertel die *Getal 10-storie*. Wys die dele van die getalfries terwyl jy die storie van die bye en prente van die huis opbou, asook die verskillende voorstellings van die getal 10 – die prent, die kolkaart, die simbool en die woord. Stal die dele van die fries in die huis teen die muur in die wiskunde-area uit. Tel saam die bye.



WENK

Stel vrae wat leerders aanmoedig om hul idees te deel, soos:

- Waarom dink julle so?
- Hoe weet julle dit?

- ★ Hoeveel bye is daar?
- ★ Hoeveel vlerke/pote het 'n by?
- ★ Hoeveel werkerbye/koninginbye is daar?
- ★ Watter huis het minder diere as die bye se huis?
- ★ Watter huis kom voor/na die kameelperde se huis?

Leerders dramatiseer die storie.

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 2

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Tien heuningbytjies* (bladsy 96)
- Byekorf
- Kolkaarte, getalsimbool- en getalnaamkaart vir die getal 10
- Getalfries vir 10
- 10 karton-uitknipprente van bye

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Tien heuningbytjies*.

2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.

3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Stal die bye teen die muur uit. Leerders skat hoeveel daar is. Tel saam terwyl jy een by op 'n slag in die byekorf sit.

Leidende vrae:

- ★ Kan julle vir my met jul vingers wys hoeveel bye daar in die korf is?



4. **Optel en aftrek:** Haal twee bye uit die boks uit.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel bye het uit die korf gevlieg?
- ★ Kan julle vir my met jul vingers wys hoeveel bye daar nou in die korf oor is?

Wys vir leerders die bye wat in die boks oor is en tel saam om te kyk of hulle korrek was.

Voeg twee bye by die korf.

- ★ Hoeveel bye dink julle is daar nou in die korf?

Wys vir leerders die bye wat in die boks is. Tel saam om te kyk of hulle korrek was. Herhaal.

5. **Wiskundetafel:** Drie groepe leerders versamel 10 soortgelyke voorwerpe buite. Elke groep sê wat die voorwerpe is en hoeveel hulle gevind het. Gee vir elke groep 'n kolkaart, getalsimbool- of getalnaamkaart vir die getal 10. Een groep op 'n slag plaas hul voorwerpe en getal 10-kaart op die wiskundetafel.

WENK

Laat leerders die getal voorwerpe in 'n groep voorwerpe skat voordat hulle dit tel, en dan kyk of hulle reg geskat het. Dit help hulle om 'n gevoel te ontwikkel van die "grootte" van die getalle wat hulle tel.

Leerders oefen die getal 10 deur dit met hul vingers in die lug of op die mat te skryf.

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Tien heuningbytjies* (bladsy 96)
- Kolkaarte vir getalle 1–5
- Byekorf en 10 kartonbye
- Kolkaarte vir getalle 1–10

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Tien heuningbytjies*.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Plaas die 10 uitknipprente van bye teen die muur. Agt leerders staan.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel leerders dink julle staan?
- ★ Kom ons tel hulle.
- ★ Is daar 'n by vir elke leerder?
- ★ Hoeveel meer leerders het ons nodig sodat elke leerder 'n by het?

4. **Kombinasies tot 10; meer/minder:** Kies twee pare leerders. 'n Leerder uit elke paar kies 'n kolkaart. Almal tel saam. 'n Leerder van elke paar gaan haal dieselfde getal bye uit die korf as wat daar kolle op die kaart is. Tel saam die totale aantal bye wat die twee leerders gaan haal het. Herhaal met ander leerders.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel kolle is daar? Hoeveel bye moet jy gaan haal?
- ★ Hoeveel kolle/bye is daar altesaam?
- ★ Kyk na die bye. Hoeveel bye het _____ meer as _____?

5. **Oefen kolkaarte, getalsimbool- en getalnaamkaarte:** Plaas kolkaarte waar leerders dit kan sien, byvoorbeeld, teen die muur. Leerders maak beurte om twee kaarte te kies wat die getal opmaak, soos gevra.

Leidende vrae:

- ★ Kan julle vir my twee kaarte wys wat die getal 10/8/4/3 maak?
- Leerders maak beurte om die kolkaarte by die getalsimbool- en getalnaamkaarte op die fries te pas.

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Tien heuningbytjies* (bladsy 96)
- Byekorf en 10 kartonbye
- Getal-wasgoedlyn en getalsimbole van 1–10

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Tien heuningbytjies*.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Wys vir leerders die leë byekorf. Leerders tel tot by 10 terwyl jy die 10 bye een op 'n slag in die byekorf plaas. Haal die bye uit. Sit twee bye in die byekorf. Tel weer en groepeer die bye in twees terwyl jy tel.
Leidende vrae:
 - ★ Hoeveel bye is daar in die byekorf?
 - ★ As daar nog twee bye in die byekorf invlieg, hoeveel sal daar wees? En nog twee?
4. **Getal-wasgoedlyn:** Vra leerders om te help om die getalsimboolkaarte in volgorde van 1 tot 10 op die getal-wasgoedlyn vas te knyp.
Leidende vrae:
 - ★ Watter kaart kom eerste/volgende?
 - ★ Waar moet ons die getal 9/10 op die getal-wasgoedlyn vasknyp?
 - ★ Watter getal is groter/kleiner as 3/4/5?
 - ★ Watter getal kom voor/na/tussen ____?
5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 5

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Eendjies, eendjies, twee in 'n ry* (bladsy 95)
- Maskeerband/bordkryt
- Plakkaat 5

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Eendjies, eendjies, twee in 'n ry*, en speel die speletjie uit Week 1 deur in twees te tel.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders klap 10 keer, tree 10 tree vorentoe, hop 10 keer. Tel in twees: klap saggies op een, hard op twee, sag op drie, hard op vier. Herhaal tot by 10.
4. **Springbaan:** Gebruik maskeerband of bordkryt om 'n groot getalle-springbaan met 10 blokke te maak en skryf die getalle van 1 tot 10 in die blokke. Sommige leerders spring in die blokke terwyl die klas aan en terug tel.

Leidende vrae:


- ★ Kan jy tot by 2 spring?
- ★ As jy nog twee/drie/vier keer spring, op watter getal sal jy land?
- ★ Hoeveel spronge moet jy maak om tot by ____ te kom?
- ★ As jy een/twee/drie keer agteruit spring, op watter getal sal jy land?



5. **Oefen 1–10:** Bespreek Plakkaat 5. Gesels oor dit wat die leerders in die prent sien.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel bye/samoesas/paddas/voëls wat vlieg/visse/wurms kan julle vind?
- ★ Kan julle enige ander voëls sien?
- ★ Hoeveel voëls is daar altesaam?
- ★ Daar is vier broodrolletjies op die tafel. Pappa het een rolletjie in sy hand. Hoeveel rolletjies is daar altesaam?
- ★ Daar is vyf piesangs op 'n bord. As Laylah twee piesangs eet, hoeveel piesangs bly op die bord oor?
- ★ As daar 10 mense by die piekniek was, hoeveel piesangs sou ons nog nodig gehad het om vir elkeen 'n piesang te kan gee?
- ★ As Malusi een vis met elke vistok vang, hoeveel visse sal hy hê?



WENK

Gebruik geleentheid wat gedurende die dag opduik om leerders se vermoë om probleme op te los, te ontwikkel, byvoorbeeld: Daar is agt verfhouers en net ses verfkwaste. Hoeveel verfkwaste het ons nog nodig?

6. **Kleingroepaktiwiteit:** Beskryf die aktiwiteit by elke werkstasie.

Integrasie

Huistaal: Luister en Praat: interpreteer en reageer op mondelinge instruksies, stories wat vertel word.

Lewensvaardighede: Dramatisering tydens musiek- en bewegingslesse (leerders vlieg by 'n denkbeeldige byekorf in en uit).

Kleingroepaktiwiteit

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- Getal-wasgoedlyn met getalle 1–10
- 5 rooi pennetjies om aan die getalle 2, 4, 6, 8, 10 vas te knyp
- 200 telstokkies
- 20 plastiekdeksels
- Storie: *Die byekorwe* (bladsy 96)
- 5 getalbane (bladsy 20)
- 55 Unifix-blokkies
- 'n Houer per leerder met:
 - 10 gekleurde tellers
 - Struktuurkrale
- Speeldeeg en mat per leerder

1. **Woordprobleme:** Leerders gebruik hul tellers of hul vingers om die probleme op te los.

Leidende vrae:

- ★ Die bye vind vier blou blomme en drie rooi blomme. Hoeveel blomme het hulle gevind?
- ★ Tien bye woon in die byekorf. Vier bye vlieg weg om blomme te gaan soek. Hoeveel bye bly in die byekorf oor?



WENK

Onthou om die pennetjies na die sessie te verwyder ter voorbereiding vir die volgende groep.

2. **Tel in twees:** Tel in twees op die getal-wasgoedlyn. Vervang die pennetjies met gekleurde pennetjies op elke telling, byvoorbeeld, op 2, 4, 6, 8 en 10.
3. **Groepe van 10:** Vertel die storie, *Die byekorwe*.
Leerders werk in pare. Elke paar kry 50 tellers (bye) en 5 deksels (byekorwe). Hulle plaas hul "bye" (tellers) in groepe van 10 in hul "byekorwe" (deksels).
Leidende vrae:
 - ★ Hoeveel byekorwe het julle?
 - ★ Hoeveel bye is daar in elke byekorf?
4. **Struktuurkrale:** Leerders gebruik struktuurkrale om te tel.



WENK

Struktuurkrale help leerders om te verstaan dat een getal uit 'n kombinasie van twee of meer getalle kan bestaan.

Leidende vrae:

- ★ Wys vir my nege krale. Wys nou vir my ses krale. Hoeveel krale is dit minder as 9?
 - ★ Wys vir my vyf krale. Kom ons maak 10 krale. Hoeveel krale het julle nog nodig om 10 te maak?
 - ★ Hou vyf krale in jou hand. Voeg nog drie krale by. Hoeveel krale het jy nou?
 - ★ Hou sewe krale in jou hand. Wys nou vir my 10 krale. Hoeveel krale moes jy bysit om 10 krale te maak?
 - ★ Hou 10 krale in jou hand. Hoeveel krale moet jy wegvat om vier krale oor te hou?
5. **Getalbaantorings:** Plaas die getalbane en Unifix-blokkies op die mat. Leerders maak beurte om die getal te sê en plaas 'n toring wat uit die korrekte getal Unifix-blokkies gebou is op elke vierkant.
Leidende vrae:
 - ★ Hoeveel Unifix-blokkies het julle vir die toring op daardie getalblok gebruik?
 - ★ Watter toring het meer/minder blokkies?
 - ★ Hoeveel blokkies het die getal 3 minder/meer as die getal 4, ensovoorts?
 - ★ Watter getal is die grootste/kleinste? Hoe weet julle dit?
 6. **Oefen die getal 10 deur gespeel te gebruik:** Leerders maak die getalsimbool 10 uit gespeel. Help leerders wat gereed is om 10 te skryf.

**Maak seker leerders kan:**

- optel- en aftrekprobleme wat getalle 1–10 behels, oplos
- in twees tel
- verskillende pare getalle wat saam 'n getal maak, opmaak en beskryf
- getalsimboolkaarte en Unifix-blokkies bymekaar pas

Werkstasie 1

Wat jy nodig het

- Speeldeeg
- Speeldeeg-patroontemplant: Getal 10 (bladsy 105) – 1 per leerder

Leerders gebruik speeldeeg om die patroontemplant te voltooi.

Werkstasie 2



WENK
Wanneer jy vir leerders vra om te verduidelik hoe hulle 'n speletjie speel, sal dit jou insig gee oor hul begrip van die reëls.

Wat jy nodig het

- Per leerder:
- Plaaswerfresies-speletjie (bladsy 107)
 - Dobbelsteen
 - Diereteller

Leerders gooi die dobbelsteen en skuif hul dieretellers op die bord soveel plekke as wat die dobbelsteen aandui. Hulle gaan so voort totdat hulle by die hooimied kom. Hulle moet die presiese getal gooi om op die hooimied te land en die speletjie te voltooi. As hulle nie die presiese getal gooi nie, hou hulle aan om die dobbelsteen te gooi totdat hulle die presiese getal gooi wat nodig is.



Werkstasie 3

Wat jy nodig het

- 2 groen boomdele wat uit karton geknip is per leerder
- 10 boomstamme met getalsimbole van 1–10
- 10 gekleurde tellers per leerder

Leerders kies een boomstam om onder die boom te plaas en versier dan die boom met daardie getal tellers, byvoorbeeld, 2 en 4. Herhaal met die ander boomstamme.



Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- Getal-legkaarte vir 1–10 (bladsy 110)

Leerders voltooi die legkaarte in pare.

Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe

Onderwerpe

- Herken getsimbole en getalname
- Beskryf, vergelyk en orden getalle

Nuwe kennis

- Getal 0

Oefen

- Mondelinge tel: tel aan van 1–20 en verder, tel terug van 10–1
- Tel voorwerpe van 1–10
- Plaas getalle van 1–10 in volgorde
- Vaslegging van getalkonsep 1–10
- Tel in twees
- Optel, aftrek

Nuwe wiskunde-woordeskat

zero

nul

niks

Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- getalfriese 1–10
- getalfries en patroontemplant van huis vir die getal 0 (bladsy 103)
- getsimbool- en getalnamekaart 0–10
- getsimboolkaart vir die getal 0 (vir getal-wasgoedlyn)
- onbedrukte kolkaart
- 10 prente van groot voorwerpe
- speeldeeg-patroontemplant: Getal 0 (bladsy 106) – 1 per leerder
- opritbaan en balle (sien Werkstasie 4)
- getalbaan 0–10



- getalle-springbaan van 0–10 (in die vorm van 'n wurm).



Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

WENK

Skuif die getalle op die getal-wasgoedlyn aan sodat daar plek is vir die getalsimboolkaart 0.

WENK

Gebruik die woord "nul" dikwels wanneer jy na die simbool "0" verwys en ook gedurende die dag wanneer jy oor "niks" of "geen voorwerpe" praat. Gebruik soms die woord "zero".

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Tien groen paddatjies* (bladsy 96)
- Getalfriese 1–10
- Getalfries en patroontemplant van huis vir die getal 0 (bladsy 103)
- *Getal 0-storie* (bladsy 97)
- Getalsimboolkaart vir 0 (getal-wasgoedlyn)
- 'n Kartonboks

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Tien groen paddatjies*.
2. **Mondelinge tel:** 1–20 en verder, 10–1.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders maak beurte om items in die klaskamer te tel, byvoorbeeld, vensters, deure, 8 skooltasse, 10 potlode.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel potlode dink julle is daar in hierdie blik?
- ★ Dink julle daar is meer as 10 skooltasse of minder as 10 skooltasse?

4. **Stel die getal 0 bekend:** Wys na getalfriese 1–10.

Leidende vrae:

- ★ Dink julle daar kan nog huise wees? Waarom/waarom nie?
- ★ Waar sou ons die huise op ons fries sit as ons nog huise kon hê?

Vertel die *Getal 0-storie*. Stal die dierehuis met die getalsimbool en die getalnaam voor die *getal 1-fries* teen die muur in die wiskunde-area uit.

Leerders dramatiseer die storie. Gebruik 'n leë kartonboks om die leë huis voor te stel. Kies leerders om die rolle van die olifant, kameelperde, voëls en ander diere te speel.


Leerders oefen die getal 0 deur dit met hul vingers in die lug of op die mat te skryf.

5. **Voeg 0 by die getal-wasgoedlyn:** Wys vir leerders die kaart vir die getal 0. Vra hulle waar hulle dink dit op die getal-wasgoedlyn moet kom. Vra 'n leerder om te kom en dit aan die getal-wasgoedlyn vas te knyp.

Leidende vrae:

- ★ Waarom het jy die getal nul daar vasgeknyp?
- ★ Watter getal kom na nul?
- ★ Wie kan vir my nul boeke gaan haal?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.



Dag 2

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Tien groen paddatjies* (bladsy 96)
- 10 balle
- 2 hoelahoepels
- Getalsimbool- en getalnaamkaarte vir die getal 0 (*Hulpbronstel*)
- 'n Leë bak vir die wiskundetafel
- Onbedrukte kolkaart



WENK

Tel van 0 tot 20 terwyl leerders na hul werkstasies beweeg en wanneer hulle toilet toe stap.

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Tien groen paddatjies*, en dramatiseer dit met 10 leerders.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0. Wys na die getal-wasgoedlyn terwyl julle tel.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Plaas die twee hoelahoepels op die mat. Plaas 10 balle in een hoepel en laat die tweede hoepel leeg.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel balle dink julle is daar in hierdie hoepel?

Leerders tel die balle in die hoepel. Haal sewe balle uit die eerste hoepel en plaas hulle in die tweede hoepel.

- ★ As ons sewe balle uit hierdie hoepel haal en dit in die tweede, leë hoepel sit, hoeveel balle bly in hierdie hoepel oor?

Leerders tel die balle in elke hoepel. Haal die drie balle uit die eerste hoepel en plaas dit in die tweede hoepel, sodat die eerste hoepel leeg is.

- ★ Hoeveel balle is daar in elke hoepel?
- ★ Wat gebeur wanneer jy al die balle uit die een hoepel haal en in die ander hoepel plaas?

4. **Wiskundetafel:** Plaas die leë hoepel op die wiskundetafel om die getal 0 voor te stel.



WENK

Daar is verskeie woorde wat dieselfde as nul beteken, byvoorbeeld *zero*, *geen*, *niks*. Bou op hierdie woorde terwyl leerders dit gebruik; vra byvoorbeeld watter ander woord hulle in plaas van "niks" kan gebruik. Wys daarop dat al hierdie woorde nul beteken.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel balle is daar in hierdie hoepel?

Wys vir leerders 'n onbedrukte kaart.

- ★ Hoeveel kolle is daar op hierdie kolkaart?

Een leerder plaas die onbedrukte kaart, die getalsimbool- en getalnaamkaart vir nul op die wiskundetafel langs die leë bak.

Leerders gaan stap 'n entjie terwyl hulle tel en wys na 'n gegewe aantal voorwerpe (wat nul insluit).

Leidende vrae:

- ★ Kan julle die volgende sien:
 - 'n Bus? Hoeveel wiele het dit?
 - 'n Meisie met twee poniesterte?
 - 'n Huis? Hoeveel dakke het dit?
 - 'n Parkeerarea met geen karre?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Tien groen paddatjies* (bladsy 96)
- 11 houers
- 55 telstokkies
- Kolkaart vir getalle 1–10 (*Hulpbronstel*)
- Onbedrukte kolkaart
- Getalsimboolkaart vir getalle 0–10

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Tien groen paddatjies*.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.



WENK

Om terug te tel, is 'n sinvolle manier vir leerders om van nul te leer.

3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders sit in 'n kring. Hulle maak beurte om 'n kaart uit die pak te vat. Al die leerders wys soveel vingers as die aantal kolle op die kaart, en tel saam. As iemand die kaart met 0 wys, wys leerders 'n vuis om 0 vingers voor te stel.
4. **Kolkaart en orden getalle 0–10:** Wys vir leerders kolkaart 1–10. Hou die onbedrukte kaart op om 0 voor te stel.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel kolle is daar op hierdie kolkaart?

Plak 'n kolkaart van 0 tot 10 aan die buitekant van elke houer en plaas die ooreenstemmende getalsimboolkaart binne-in elke houer. Plaas die houers rond en bont op die mat. Leerders maak beurte om telstokkies volgens die aantal kolle in die houers te plaas.

Plaas die houers vir 7, 4, 9 en 0 op die mat. Leerders maak beurte om die houers van die kleinste tot die grootste getal te rangskik.

- ★ Hoe kan ons hierdie houers in volgorde van die kleinste tot die grootste getal plaas?
- ★ Wat is die kleinste/grootste getal?

Herhaal met ander kombinasies en ordening van die grootste tot die kleinste getal.

5. **Kleingroepaktiwiteit:** Beskryf die aktiwiteit by elke werkstasie.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Tien groen paddatjies* (bladsy 96)
- 10 prente van groot voorwerpe
- 'n Lap
- Getal-wasgoedlyn en getalkaarte 0–10

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Tien groen paddatjies*.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Plaas 10 prente van voorwerpe teen die muur en bedek dit met 'n lap. Haal die lap af om die prente te vertoon.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel prente van voorwerpe is daar teen die muur?

Verwyder een/twee/drie van die prente en herhaal die proses. Gaan voort totdat daar geen prente oorbly nie.

★ Hoeveel prente is daar nou teen die muur?

4. **Oefen en orden getalle 0–10:** Haal die getalkaarte van die wasgoedlyn af, behalwe 3 en 7. Gee die nege kaarte wat jy afgehaal het vir die leerders. Leerders maak beurte om die getalle in die korrekte volgorde aan die getal-wasgoedlyn vas te knyp.

Leidende vrae:

- ★ Waar moet die getal 1/5/10 kom? Hoe weet julle dit?
- ★ Watter getal kom voor/na _____?
- ★ Waar kom die getal 0? Waarom?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 5

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Eendjies, eendjies, twee in 'n ry* (bladsy 95)
- Maskeerband/bordkryt
- Getalsimboolkaarte vir 0–10
- Plakkaat 6

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Eendjies, eendjies, twee in 'n ry*, met aksies.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.

3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders staan aan een kant van die klas. Een leerder vertoon 'n getalsimboolkaart. Die ander leerders hop soveel keer as wat die kaart wys en tel hardop. As 0 gewys word, bly leerders waar hulle is sonder om te hop.

4. **Springbaan:** Gebruik maskeerband of bordkryt om 'n getalle-springbaan van 0–10 op die mat te maak. Leerders maak beurte om in die "nul"-blok te staan en spring soos aangedui.

Leidende vrae:

- ★ Kan jy tot by die getal 6/4/7, ensovoorts, spring? (Wys vir leerders getalsimbole.)
- ★ Hoeveel keer moet jy spring om by hierdie getal uit te kom? (Wys die getalsimbool 0.)
- ★ Waarom het jy nie gespring nie?

5. **Oefen 0–10:** Bespreek Plakkaat 6. Gesels oor dit wat die leerders kan sien.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel vlerke het die hoender/eend/voël?
- ★ Hoeveel vlerke het die perd?
- ★ Hoeveel voëls/appels sien julle in/aan die boom?



WENK

In plaas daarvan om te hop, kan leerders hande klap.

- ★ Kan julle 'n dier vind wat kolle het/geen kolle het nie?
- ★ Hoeveel diere met sterte kan julle sien?
- ★ Hoeveel sterte het Malusi?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Integrasie

Huistaal: Luister en reageer op eenvoudige instruksies, woordeskatuitbreiding.


Lewensvaardighede: Probleemoplossing en deel van redes vir oplossings, manipulering van voorwerpe van verskillende kleure, groottes en vorms.

Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- Getalsimbool- en getalnaamkaart vir 0 – een paar per leerder
- Eierboksies (12 holtes) met tellers in sommige van die holtes – 1 per leerder
- Getalbaan 0–10
- 55 Unifix-blokkies
- 50–60 gekleurde tellers
- Speeldeeg en mat per leerder
- 'n Houer met 10 dieretellers – 1 per leerder

 **WENK**
Leerders kan tellers of hul vingers gebruik om die bye voor te stel. Dit help om hulle voor te berei om op 'n abstrakte vlak met probleme te werk.

1. **Woordprobleme:** Leerders plaas hul houers voor hulle en tel 10 tellers uit.

Leidende vrae:

- ★ Daar is drie bye op 'n blou blom en ses bye op 'n rooi blom. Hoeveel bye is daar altesaam?
- ★ Twee van die bye op die blou blom vlieg terug na die byekorf toe. Hoeveel bye is daar nou op die blou blom?
- ★ Drie bye van die rooi blom vlieg terug na die byekorf toe. Hoeveel bye is daar nou op die rooi blom?

2. **Tel voorwerpe:** Leerders kyk terwyl jy vyf tellers in een hand en vier tellers in die ander hand sit. Wys vir hulle jou hande wat toe is, en sê: "Ek het vyf tellers in hierdie hand en vier tellers in my ander hand."

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel tellers dink julle het ek altesaam?
- ★ (Maak een hand oop. Leerders tel die tellers in daardie hand.) Hoeveel tellers is daar?
- ★ (Maak die ander hand oop. Leerders tel die tellers in daardie hand.) Hoeveel tellers is daar?
- ★ Hoeveel tellers is daar altesaam?

Herhaal met ander kombinasies tot by 10, insluitend een leë hand.

3. **Pas 'n leë stel by die getalsimbool en getalnaam vir nul:**

Plaas 1–10 tellers in van die eierboksie se holtes en laat 'n paar holtes leeg. Leerders plaas hul getalsimboolkaart en getalnaamkaart vir nul langs die holtes wat leeg is.

Leidende vrae:

- ★ Watter holte dink julle het die meeste/ minste tellers? Waarom dink julle so?
- ★ Watter holtes is leeg? Hoeveel tellers is daar in daardie holtes?
- ★ Hoeveel leë holtes is daar altesaam?



4. **Optel en aftrek:** Leerders plaas hul tellers op die mat en draai hul houers onderstebo. Hulle plaas vyf tellers onder die houer.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel tellers is daar onder jou houer? Leerders haal twee tellers onder hul houers uit en plaas dit bo-op hul houers.
- ★ Hoeveel tellers is daar nou onder jou houer? Hoeveel is bo-op? Hoeveel is daar altesaam?

Herhaal met verskillende kombinasies tot by 10.

Leerders plaas al hulle tellers bo-op hulle houers.

- ★ Hoeveel tellers is daar onder jou houer? (Nul/Niks)

5. **Getalbaantorings:** Plaas die getalbaan en Unifix-blokkies op die mat. Leerders maak beurte om die getal in elke blok van die baan te sê en om 'n toring wat uit die korrekte getal Unifix-blokkies gebou is in daardie vierkant te plaas.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel Unifix-blokkies het julle gebruik vir die toring op daardie getalblok?
- ★ Watter groep het meer/minder blokkies?
- ★ Hoeveel blokkies is op die nul?



6. **Oefen die getal 0 deur gespeel te gebruik:** Leerders maak die getalsimbool 0 uit gespeel. Help leerders wat gereed is om 0 te skryf.

WENK

Sluit voorbeelde in van optel en aftrek met nul, byvoorbeeld: "Plaas nul tellers bo-op jou houer."



Maak seker leerders kan:

- groepe voorwerpe van 1–10 tel
- probleme met getalle 0–10 mondeling oplos
- getalle 0–10 opbou en afbreek
- getalle in die getalgebied 0–10 met mekaar vergelyk
- getalsimbole en getalname vir nul herken, bymekaar pas en benoem

Werkstasie 1



Wat jy nodig het

- Speeldeeg
- Speeldeeg-patroontemplant: Getal 0 (bladsy 106) – 1 per leerder

Leerders gebruik speeldeeg om die patroontemplant te voltooi. Hulle maak mandjies, bokse, neste, ensovoorts, met niks binne-in nie.

Werkstasie 2



Wat jy nodig het

- 1 ysblokkiehouer
- 200 gekleurde tellers (Hulpbronstel)
- Dobbelsteen waarvan die kant met die 6 kolle bedek is met 'n plakker waarop 'n "0" aangebring is

Die eerste leerder gooi die dobbelsteen en plaas daardie getal tellers in een van die bakkies van die ysblokkiehouer. Die volgende leerder doen dieselfde en plaas daardie getal tellers in die volgende bakkie. Herhaal.

Werkstasie 3

Wat jy nodig het

- 'n Houer met 10 vrugtetellers – 1 per leerder
- Dobbelsteen

Leerders plaas hul tellers in 'n ry. Hulle maak beurte om die dobbelsteen te gooi en verwyder soveel van hul ry tellers as wat die dobbelsteen wys. Hulle plaas dit in hul houers. Die eerste leerder wat al hul tellers in die houer plaas, wen.

Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- 6 tennisballe
- Opritbaan (byvoorbeeld, 'n breë plank)
- 4 houers wat met verskillende kleure papier oorgetrek is

Plaas die opritbaan teen 'n hoek van sowat 20 cm van die vloer af. Plaas die houers op die vloer aan die hoogste kant van die opritbaan. Leerders maak beurte om hul balle teen die opritbaan op te rol en probeer die balle in die houers kry. Hulle tel die totale getal balle in die houers.



Fokus van Inhoudsarea: Patrone, Funksies en Algebra

Onderwerpe

- Meetkundige patrone: ontwerp, kopieer en brei patrone uit

Nuwe kennis

- Ontwerp, kopieer en brei 'n klankpatroon uit
- Teken patrone van voorwerpe

Oefen

- Mondelinge tel: tel aan van 0–20 en verder, tel terug van 10–0
- Tel voorwerpe van 1–10
- Ontwerp, kopieer en brei patrone uit deur konkrete voorwerpe te gebruik

Nuwe wiskunde-woordekat


volgorde

ontwerp die patroon

Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- 3 groot gekleurde patroonkaarte:
 - groen en rooi
 - groen, rooi en geel
 - groen, rooi, geel en blou
- 30 slaginstrumente wat in 4 groepe gesorteer kan word (een groep moet 10 instrumente hê)
- mandjie/deursigtige houer met 10 voorwerpe, sommige met herhalende patrone en sommige met patrone wat nie herhaal word nie, byvoorbeeld, geskenkpapier, plakkers, stukkies afvalmateriaal, teëls, halssnoere, armbande, dennebolle, blomme, sokkies, skulpe, ensovoorts.
- papier wat in die vorm van 'n T-hemp gesny is – 1 per leerder
- 8 getalpatroonkaarte, byvoorbeeld, 2 1 2 1; 4 3 4 3



3 4 3 4	2 3 2 3
5 4 5 4	4 5 4 5
1 3 1 3	4 3 4 3
3 2 3 2	2 1 2 1

- meetkundige papiervorms: sirkel, vierkant, reghoek, driehoek – 6 van elk per leerder
- 8 patroonkaarte (sien Werkstasie 2).

Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- Rympie: *Dis patroontyd* (Aktiwiteitsgids: Kwartaal 3, bladsy 96)
- Klein tafeltjie/boks
- 3 patroonkaarte:
 - Groen en rooi
 - Groen, rooi en geel
 - Groen, rooi, geel en blou
- 1 rooi, groen, blou en geel telstokkie per leerder

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Dis patroontyd*, met aksies op.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Plaas 10 groen, 5 rooi, 2 blou en 10 geel telstokkies in afsonderlike hopies op 'n klein tafeltjie of boks sodat al die leerders dit kan sien.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel groen/rooi/blou/geel stokkies dink julle is daar?
- ★ Van watter kleure is daar 0 stokkies?

Kies 'n leerder om elke hopie te tel en vas te hou terwyl die klas saam tel.

- ★ Hoeveel stokkies bly op die tafel/boks oor?

 **WENK**
Wanneer leerders hierdie patroonvaardighede bemeester het, brei die aktiwiteit uit deur twee kenmerke soos kleur en vorm of grootte te gebruik.

4. **Brei patrone uit:** Leerders sit in 'n kring. Plaas 30 groen en 30 rooi stokkies in die middel van die mat. Elke leerder vat een groen stokkie en een rooi stokkie. Wys 'n patroonkaart met die twee kleure. Een leerder begin deur die korrekte kleur stokkie op die mat te plaas. Leerders maak beurt om die patroon uit te brei totdat almal 'n beurt gehad het – die patroon word in die kring leerders voortgesit.



Leidende vrae:

- ★ Wie kan vir my sê wat die patroon is?
- ★ Watter kleur stokkie sal volgende kom in hierdie patroon?
- ★ Watter kleur moet ons volgende byvoeg om die patroon uit te brei?

Gee vir elke leerder 'n geel stokkie. Wys 'n patroonkaart met drie kleure en herhaal die aktiwiteit.

- ★ Kan julle 'n patroon met drie kleure maak?

Gee vir elke leerder 'n blou stokkie en herhaal met vier kleure.

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 2

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Klap, klik en stamp* (bladsy 97)

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Klap, klik en stamp*, met die volgende patroon: klap hande, klik vingers, stamp voet; klap hande, klik vingers, stamp voet, ensovoorts.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.



WENK

Wanneer daar verder as 20 getel word, help leerders om te verstaan dat die getalle dieselfde patroon as tevore volg. Onthou dat sommige leerders dalk meer oefening as ander nodig het.

3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders staan in 'n ry. Hulle stamp hul voete terwyl hulle van 1–10 tel en lig hul arms op wanneer hulle by 10 kom. Hulle verander van rigting en herhaal die aktiviteit met 'n ander liggaamsbeweging, byvoorbeeld, klap hande.
4. **Kopieer en brei klankpatrone uit:** Leerders staan in 'n kring. Skep 'n patroon uit die liedjie, *Klap, klik en stamp*: Klap hande, klap hande, klik vingers, klik vingers, stamp voet, stamp voet (AABBCC). Leerders kry elkeen 'n beurt om die patroon te herhaal.

Leidende vrae:

- ✦ Wat moet eerste/volgende kom in hierdie patroon?

Herhaal met 'n ABC-beweging, byvoorbeeld, spring, tree na regs en draai om; spring, tree na regs en draai om.

- ✦ Kan julle hierdie bewegings met jul liggame naboots?
- ✦ Kan julle 'n patroon sien? Wat is die patroon?
- ✦ Wat is die volgorde van hierdie patroon?
- ✦ Hoe kan julle hierdie patroon uitbrei?

Herhaal met 'n ABAB-patroon met aksies, byvoorbeeld, hop, staan wydsbeen; hop, staan wydsbeen.

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Klap, klik en stamp* (bladsy 97)
- Bordkryt/viltpenne
- A3-papier
- Getalsimbool- en getalnaamkaart vir getalle 0–10
- 'n Vel A4-papier

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Klap, klik en stamp*, met 'n ABBABB-patroon (klap hande, klik vingers, klik vingers; klap hande, klik vingers, klik vingers).
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders klap hul hande, klik hul vingers of stamp hul voete die getal kere wat op die getalsimboolkaart gewys word. Indien "0" gewys word, maak leerders geen bewegings nie.



WENK


Help leerders om die reëls vir die patrone wat hulle naboots of skep te verduidelik. Dit help om hul denkvaardighede te ontwikkel.

4. **Identifiseer die patroonreël:** Een leerder skep sy/haar eie klankpatroon, byvoorbeeld, klap hande, klap hande, klik vingers, klik vingers; klap hande, klap hande, klik vingers, klik vingers. Ander leerders sê wat die patroon is en herhaal dit.
- Leerders skep hul eie klankpatrone in pare. Een leerder skep 'n klankpatroon en die maat verduidelik wat die patroon is en herhaal dit. Dan ruil hulle rolle.

Leidende vrae:

- ★ Wat kan julle vir my van hierdie patroon vertel?
- ★ Kan julle 'n patroon soos hierdie een maak?

5. **Meetkundige patrone:** Teken 'n vormpatroon op die bord of op 'n strook papier, byvoorbeeld, sirkel, driehoek, driehoek; sirkel, driehoek, driehoek. Maak minstens drie herhalings van die patroon.



Leidende vrae:

- ★ Wat kan julle vir my van hierdie patroon vertel?
- ★ Watter vorm kom voor/na die eerste sirkel/tweede driehoek?
- ★ Wat is die derde vorm in die patroon?
- ★ Watter vorm kom eerste/laaste?

Bedek die laaste drie vorms met 'n vel papier.

- ★ Watter vorm kom volgende in die patroon?
- ★ Kan enigiemand teken wat volgende kom in die patroon?

'n Paar leerders teken die drie versteekte vorms in die regte volgorde op die papier.

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Klap, klik en stamp* (bladsy 97)
- 30 slaginstrumente om 4 groepe instrumente te skep (een groep moet 10 instrumente hê)
- Patroonkaarte met gekleurde kolle uit Dag 1

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Klap, klik en stamp*, met 'n AABAAB-patroon (klap hande, klap hande, klik vingers; klap hande, klap hande, klik vingers).
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders tel saam terwyl vier leerders die musiekinstrumente in hopies sorteer volgens die soort instrument.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel tamboeryne/tromme/simbale/driehoekies/rammelaars is daar?
- ★ Is daar meer/minder tromme of rammelaars? Hoeveel meer/minder?
- ★ Watter groep het 10 instrumente?

WENK

Leerders kan 'n verskeidenheid patrone met hul instrumente verken, byvoorbeeld, AB, AAB, ABB, ABC.

4. **Musiekpatrone:** Speel 'n musikale patroon op 'n musiekinstrument, byvoorbeeld, sag, sag, hard, hard; sag, sag, hard, hard.

Leidende vrae:

- ★ Wat kan julle vir my van hierdie patroon vertel?
- ★ Kan julle jul hande en voete gebruik om dieselfde patroon te skep? Verander die patroon, byvoorbeeld, sag, hard, hard; sag, hard, hard en herhaal.
- ★ Hoe het die patroon verander?

Deel slaginstrumente vir vier groepe uit. Groepe maak beurte om die twee musikale patrone te herhaal.

- ★ Kan julle die patroon herhaal/uitbrei?

Wys vir leerders 'n patroonkaart met gekleurde kolle en bespreek die patroon. Groepe maak beurte om die patroon te kopieer en uit te brei deur hul musiekinstrumente te gebruik. Groepe gebruik die patroon om hul eie klankpatrone te skep, byvoorbeeld, hard vir rooi, sag vir geel; vinnig vir rooi, stadig vir geel.

- ★ Vertel vir my van die patroon.
- ★ Kan julle dieselfde patroon maak?
- ★ Hoe klink dit?

Ander groepe herhaal elke groep se klankpatroon met hul instrumente. Groepe maak beurte om hul eie klankpatrone met hul instrumente te skep en te demonstreer. Ander groepe sluit by hulle aan.

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.



Dag 5

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Klap, klik en stamp* (bladsy 97)
- 'n Mandjie of deursigtige houer met 10 voorwerpe met
- herhalende en nieherhalende patrone
- Plakkaat 4

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Klap, klik en stamp*. Leerders stel hul eie patroonreeks voor.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Stal die mandjie met versamelde voorwerpe uit.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel voorwerpe dink julle is daar in my mandjie?
- ★ Het ek genoeg om vir elkeen in die klas een voorwerp te gee?
- ★ Hoe kan ons uitvind?

Tel die voorwerpe terwyl jy vir verskillende leerders elkeen 'n voorwerp gee.

- ★ Was daar genoeg voorwerpe?
- ★ Is daar meer voorwerpe of meer leerders?

4. **Identifiseer patrone:** Pak die versamelde voorwerpe op die mat uit. Bespreek hoe elke voorwerp lyk en watter patrone leerders kan sien.

Leidende vrae:

- ★ Kan julle 'n voorwerp met 'n patroon sien? Waarom dink julle dat dit 'n patroon is?
- ★ Watter deel van die patroon word herhaal?
- ★ Wat kom volgende in die patroon?
- ★ Hoeveel keer word die patroon herhaal?
- ★ Kan julle enigiets sien wat nie 'n patroon het nie?

5. **Bespreek patrone:** Bespreek Plakkaat 4.

Leidende vrae:

- ★ Watter patrone sien julle in die prent?
- ★ Waarom dink julle dat dit 'n patroon is/nie 'n patroon is nie?
- ★ Waar kan ons nog patrone soos hierdie vind?
- ★ Kan julle aan patrone op diere of in die natuur dink? Kan julle een beskryf?



6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Integrasie

Huistaal: Plaas daaglikse gebeure en dele van 'n storie in volgorde.

Lewensvaardighede: Identifiseer en beskryf patrone in hul omgewing, ontwikkeling van tekensvaardighede (fynmotoriese ontwikkeling), probleemoplossing en sosiale vaardighede, ontwikkeling van sin vir ritme (musiek).

Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- 10 rooi telstokkies
- 'n Houer met stokkies per leerder: 4 rooi, 4 blou, 4 groen, 4 geel, 4 oranje
- Attribuuiblokke (*Hulpbronstel*)
- 'n Vel papier per leerder
- Kryte

1. **Tel voorwerpe van 1–10:** Plaas die hoop met 10 rooi stokkies op die mat.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel leerders is in ons groep?
- Tel saam.
- ★ As ek vir almal een stokkie wil gee, hoeveel stokkies sal ek nodig hê?
 - ★ Is daar genoeg rooi stokkies sodat almal 'n stokkie kan kry?
 - ★ Is daar genoeg stokkies sodat almal twee stokkies kan kry?

Kies 'n leerder om die stokkies te deel sodat elke leerder ewe veel stokkies kry.

- ★ Hoeveel stokkies het ons nog nodig sodat julle almal ewe veel stokkies kan kry?

2. **Woordprobleem:** Leerders kan tellers of hul vingers gebruik om die probleem op te los.

Leidende vrae:

- ★ Malusi vang vis. Daar is nege visse naby hom in die rivier. Vier visse swem weg. Hoeveel visse bly oor wat Malusi kan vang?

3. **Ontwerp, kopieer en brei patrone uit:** Maak 'n patroon met telstokkies, byvoorbeeld, blou, geel; blou, geel; blou, geel. Leerders kopieer die patroon.

Leidende vrae:

- ★ Kan julle 'n ry stokkies net soos myne maak?
- ★ Vertel vir my van jul ry stokkies.

Maak 'n ander patroon met die leerders deur drie gekleurde stokkies in 'n ry te gebruik, byvoorbeeld, rooi, blou, groen; rooi, blou, groen.

- ★ Watter stokkie kom volgende/na/voor? Hoe weet julle dit?
- ★ Kan julle vir my die deel van die patroon wys wat herhaal word?
- ★ Hoe kan ons die patroon uitbrei?

Leerders werk in pare. Hulle maak 'n patroon met hul stokkies en hul maat kopieer die patroon en brei dit uit.

- ★ Kan julle jul patroon beskryf?
- ★ Wat maak dit 'n patroon?

Maak 'n patroon met attribuutblokke, met minstens drie herhalings van die patroon, byvoorbeeld, sirkel, sirkel, reghoek; sirkel, sirkel, reghoek; sirkel, sirkel, reghoek.



WENK

Wanneer jy attribuutblokke vir aktiwiteite met patrone gebruik, fokus op hoe dit lyk, byvoorbeeld, kleur, vorm en grootte, en nie op hul kenmerke, byvoorbeeld sye en hoeke nie.

- ★ Wat kan julle vir my van hierdie patroon vertel?

Leerders teken die patroonreeks op 'n vel papier en herhaal dit twee of drie keer.

4. **Ontwerp, kopieer en brei klankpatrone uit:** Klap 'n ABB-patroon: klap, slaan, slaan; klap, slaan, slaan. Leerders herhaal die patroon en brei dit dan twee of drie keer uit.

Leidende vrae:

- ★ Kan julle hierdie patroon maak?
- ★ Hoe sal julle hierdie patroon uitbrei?

Leerders maak dieselfde patroon met hul stokkies, byvoorbeeld, oranje, groen, groen. Herhaal met AAB- en ABC-patrone.

5. **Maak en kopieer liggaamspatrone:** Een leerder draai sy/haar rug na die res van die groep. Leerders rangskik hulself om 'n patroon te maak, byvoorbeeld, hande in die lug, hande op knieë; hande in die lug, hande op knieë.



WENK

Leerders kan patrone skep met 'n verskeidenheid materiale, byvoorbeeld, blokkies, sleutels, klein speelgoed en attribuutblokke.

Leidende vrae:

- ★ Watter patroon het die groep gemaak?

Leerders beskryf die patroon wat hulle geskep het.



Maak seker leerders kan:

- 'n gegewe patroon kopieer, met inbegrip van 'n klankpatroon
- 'n patroon beskryf
- 'n patroon uitbrei deur vir jou te sê wat volgende kom
- 'n kopie van 'n gegewe patroon teken

Werkstasie 1

Wat jy nodig het

- Meetkundige papiervorms
- Gom
- Papier
- Kryte

Leerders begin 'n patroon met twee of drie kleure of vorms. Hulle plak dit om die rand van die bladsy vas en brei dan die patroon verder uit totdat hul raam voltooi is.

Skryf leerders se name op hul bladsye en laat hulle tydens vryspel 'n prent in hul rame teken of verf.



Werkstasie 2

Wat jy nodig het

- Eierboksiestroke met 6 holtes – 1 per leerder
- 8 patroonkaarte
- Houers met verskillende materiale wat by die patroonkaartkleure pas, byvoorbeeld, Unifix-blokkies, vrugtetellers, gekleurde tellers

Leerders kies 'n patroonkaart en kopieer die patroon deur die voorwerpe in die eierboksiestroom te rangskik.



Werkstasie 3

Wat jy nodig het

- Papier wat in die vorm van 'n T-hemp geknip is – 1 per leerder
- Stukkies afvalmateriaal
- Kryte of verf

Leerders kyk na die ontwerpe op die materiaal en kopieer die patroon op hul T-hemde.



Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- Getal-patroonkaarte
- Unifix-blokkies

Leerders kies 'n getal-patroonkaart en bou torings om die patrone met die Unifix-blokkies voor te stel.

Fokus van Inhoudsarea: Ruimte en Vorm (Meetkunde)

Onderwerpe

- Posisie, oriëntasie en aansigte
- Volg rigtingaanwysings

Nuwe kennis

- Posisie van voorwerpe in verhouding tot mekaar en tot die leerders
- Legkaarte met vier-en-twintig stukke

Oefen

- Mondelinge tel: tel aan van 0–20 en verder, tel terug van 10–0
- Tel voorwerpe van 1–10
- Posisie van voorwerpe in verhouding tot mekaar
- Simmetrie
- Rigting: pyle
- Rigting: links, regs

Nuwe wiskunde-woordeskat

ver, verder
naby, nader


weg van
draai

langsaan
laag

hoog
sywaarts

naby

Maak gereed



Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- alledaagse simmetriese voorwerpe, byvoorbeeld, 'n bril/sonbril, skêr, blaar, blom, vaas, lepel
- 4 pylkaarte wat rigting aandui: links, regs, op, af
- legkaart met vier-en-twintig stukke (bladsy 112).

Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- Rympie: *Uit op 'n leeuwag* (Aktiwiteitsgids: Kwartaal 3, bladsy 99)
- Groepe alledaagse voorwerpe in die klaskamer (1–10)
- Kartonboks
- Boontjiesak
- Stoele – 1 per leerderpaar



WENK
Vind verskillende posisies vir die voorwerpe en modelleer soveel posisie-woorde moontlik.

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Uit op 'n leeuwag*, met aksies op. (Hierdie rympie fokus op die posisiebegrippe, oor, onder en deur.)
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Plaas groepe voorwerpe (1–10) op verskillende plekke in die klaskamer. Speel, “Ek sien met my klein ogie ...” Leerders maak beurte om die voorwerpe te vind en bring dit na die mat toe.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel blokkies/verfkwaste/balle kan julle bo-op 'n rak/onder 'n stoel/op 'n vensterbank/naby die deur sien?
4. **Posisie:** Leerders staan saam met 'n maat in verskillende posisies, volgens die instruksies.

Leidende instruksies:

- ★ Staen agter mekaar sodat die langer leerder agter/voor is.
- ★ Staen sodat julle na mekaar toe kyk/weg van mekaar af kyk.

Leerders staan in pare langs 'n stoel.

- ★ Staen/sit agter/op die stoel.
- ★ Sit op/klim onder die stoel in.
- ★ Sit jou voet/hand onder/op die stoel.
- ★ Sit die hand waarmee jy skryf op die stoel. Is dit jou linker- of regterhand?

Leerders maak beurte om die boontjiesak in die boks te gooi. Hulle beskryf waar die boontjiesak land, byvoorbeeld, binne-in/buite/langs/voor/ver weg van/langs die boks.

- ★ Waar het die boontjiesak geland?
5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 2

Wat jy nodig het

- Rympie: *Uit op 'n leeu jag* (Aktiwiteitsgids: Kwartaal 3, bladsy 99)
- Rekwisiete vir dramatisering, byvoorbeeld, kussings, stoel, tafel, tou, kombes
- Getalsimboolkaarte vir 0–10
- Plakkaat 2

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Uit op 'n leeu jag*, op.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Flits 'n getalsimboolkaart. Leerders tel terwyl hulle hul liggame heen en weer wieg volgens die getal op die kaart. As jy die getalsimboolkaart vir "0" wys, staan leerders stil.
4. **Posisie van voorwerpe:** Pak rekwisiete uit en dramatiseer *Uit op 'n leeu jag*. Op die instruksie "vries", staan leerders stil en sê waar hulle is, byvoorbeeld, agter die leeu, in die rivier, buite die grot, voor die woud, langs die boom, bo-aan die trap.

Leidende vrae:

- ★ Waar staan jy? Waar is die boom/leeu/rivier?
- ★ Wat is agter/voor/langs jou?
- ★ Waarheen kan jy gaan sodat jy buite bereik van die leeu is?



WENK

As leerders reageer deur bloot "hier" of "daar" te antwoord, stel vrae en modelleer posisie-woorde om hulle aan te moedig om te beskryf waar hulle of voorwerpe is.

Bespreek Plakkaat 2. Leerders identifiseer voorwerpe in verhouding tot ander voorwerpe en tot mense.

- ★ Waar is Malusi?
- ★ Wat is bo/onder/agter Malusi?
- ★ Wat is nader aan Malusi: die leer of die sandput?
- ★ Waar is die emmer met die pienk en wit strepe?
- ★ Kan julle vir my drie pare skoene wys? Watter skoene is nader/verder weg?
- ★ Watter motorband is die middelste een?
- ★ Wat doen die seuntjie langs hierdie motorband?
- ★ Waar is die voëls? Watter voël vlieg hoog bo die bome?
- ★ Wat kan julle onder/op die bank sien?



5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Die rigting-liedjie* (bladsy 97)
- 5 balle
- Rekkies of wolbandjies – 1 per leerder
- Stuk tou

1. **Liedjie:** Sing *Die rigting-liedjie*.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Tien leerders staan in pare en kyk na mekaar. Leerders maak beurte om die balle vir mekaar te bons terwyl die res van die groep tel. Leerders probeer tot by die telling van 10 kom. Herhaal met ander groepe leerders totdat almal 'n beurt gehad het.
4. **Links en regs:** Draai om sodat jy met jou rug na die leerders toe staan. Lig jou linkerhand op en sê vir leerders om dieselfde te doen. Herhaal met jou regterhand.

Leidende vrae:

- ★ Watter hand is dit?
 - ★ Kan julle vir my jul linker-/regterhande wys?
- Bind 'n los rekkie/wolbandjie om elke leerder se regterhand.
- ★ Is die bandjie om jou linker- of regterhand?
 - ★ Is dit die hand waarmee jy skryf?

Speel "Sizwe sê":

- ★ Sit jou regterhand bo-op jou kop.
- ★ Hop hoog op jou linkervoet.

WENK

Doen hierdie aktiwiteit buite met al die leerders, indien moontlik.

WENK

Wanneer leerders hul skoene aantrek, gebruik die woorde "links" en "regs" wanneer jy hulle lei om hul skoene aan die regte voete aan te trek.

- ★ Spring twee keer na regs.
- ★ Sit jou linkerhand op jou regterskouer.
- ★ Sit jou regtervoet vorentoe.
- ★ Sit jou hande agter jou rug.
- ★ Spring hoog in die lug.

Los die bandjies vir die res van die week om die leerders se arms.

5. **Volg rigtingaanwysings:** Laat 'n tou op die vloer van die klaskamer lê. Leerders staan in 'n ry aan een kant van die tou, kyk vorentoe en volg instruksies wat rigting behels.



Leidende instruksies:

- ★ Spring na links/regs oor die tou.

Leerders volg instruksies terwyl hulle in 'n ry bly staan en buite gaan stap, byvoorbeeld:

- ★ Stap vorentoe totdat julle by die deur kom.
- ★ Draai links en stap 10 treë.
- ★ Stop. Kyk op. Kyk af. Kyk links. Kyk regs.
- ★ Draai regs en stap vorentoe totdat julle buite kom.
- ★ Hop vier keer vorentoe.
- ★ Gee drie treë agtertoe/sywaarts.

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Die rigting-liedjie* (bladsy 97)
- 3 identiese musiekinstrumente, byvoorbeeld, tromme
- 'n Serp

1. **Liedjie:** Sing *Die rigting-liedjie*.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Speel 'n aantal maatslae (1–10) met 'n musiekinstrument. Leerders tel terwyl hulle spring. Wanneer die musiek ophou, vries hulle en sê hoeveel keer hulle altesaam gespring het. Herhaal met leerders wat beurte maak om die instrument te bespeel.
4. **Waar kom die klank vandaan?** Leerders sit in 'n kring op die mat. 'n Leerder word met die serp geblinddoek en sit in die middel. Wys na een leerder wat sê: "Waar is ek?" Die leerder in die middel wys in die rigting van die stem.



Laat meer leerders in verskillende posisies in die klaskamer staan en 'n instrument bespeel om die aktiwiteit meer uitdagend te maak.

Leidende vrae:

- ★ Kan jy in die rigting van die leerder wys?
- ★ Na wie wys _____?
- ★ Sê vir _____ waar _____ sit, omdat sy/hy nie kan sien nie. (byvoorbeeld, voor die lessenaar/naby die blou tafel)

Herhaal die aktiwiteit.

Gee vir drie van die leerders 'n instrument terwyl res van die leerders hul oë toemaak. Fluister instruksies vir die drie leerders met instrumente oor waar om in die klaskamer te staan. Elke leerder kry 'n beurt om hul instrument te bespeel. Die ander leerders wys na waar die klank vandaan kom.

Leidende vrae:

- ★ Waar kom die klank vandaan?
- ★ Kan julle in die rigting van die klank wys?
- ★ Is die klank aan jul linkerkant/regterkant/in die middel van die klaskamer/agter in die klaskamer?

Herhaal met leerders wat beurte maak om die instrumente te bespeel.

5. **Kleingroepaktiwiteit:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 5

Wat jy nodig het

- Rympie: *Uit op 'n leeuwag* (Aktiwiteitsgids: Kwartaal 3, bladsy 99)
- Kolkaarte, getalsimbool- en getalnaamkaarte (0–10)
- Boontjiesak
- Alledaagse simmetriese voorwerpe
- Maskeerband
- Attribuutblokke (*Hulpbronstel*)
- Tydskrifte

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Uit op 'n leeuwag*, met aksies op.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders sit in 'n kring. Elke leerder kry 'n kolkaart, getalsimbool- of getalnaamkaart. Een leerder gooi 'n boontjiesak vir 'n ander leerder. Die leerder wat die boontjiesak gegooi het, moet die getal op die kaart van die leerder wat die boontjiesak gevang het, klap en tel. Herhaal totdat elke leerder 'n beurt gehad het.



4. **Simmetrie:** Leerders sit op die mat. Wys vir hulle die simmetriese voorwerpe een op 'n slag.

Leidende vrae:

- ★ Wat let julle op omtrent hierdie voorwerpe?
- ★ Watter ander voorwerpe of diere lyk presies dieselfde aan albei kante?

Trek 'n vertikale lyn (simmetrielyn) met maskeerband op die mat. Vra leerders om elke voorwerp op die simmetrielyn te plaas sodat die twee kante presies dieselfde is.



- ★ Is albei kante presies dieselfde? Hoe weet julle dit?

Verwyder die voorwerpe. Plaas 'n driehoek-vorm aan een kant van die lyn.

- ★ Watter vorm is dit?

Vra 'n leerder om 'n identiese driehoek aan die ander kant van die lyn in presies dieselfde posisie te plaas.

- ★ Dink julle albei kante van die lyn is presies dieselfde? Hoe weet ons dit?

Plaas nog 'n vorm aan een kant van die lyn. 'n Leerder kies dieselfde vorm en plaas dit aan die ander kant van die lyn in presies dieselfde posisie sodat albei kante presies dieselfde (simmetries) is. Herhaal met ander leerders.



Leerders vorm kleiner groepe. Elke groep soek voorbeelde van simmetrie in prente in 'n tydskrif. Hulle wys dit vir die klas.

- ★ Wat maak albei kante van die prent presies dieselfde?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Integrasie

Huistaal: Luister en reageer (ritme, rympies en liedjies), woordeskat vir posisie, Ontluikende Lees en Skryf (rigting: links na regs).

Lewensvaardighede: Fisiese rigting, ruimtelike oriëntering en rigting (byvoorbeeld, speletjies buite en stap van een plek na 'n ander), reageer fisiek op instruksies.

Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- Pylkaarte wat rigting aandui
- Bordkryt
- Getalsimboolkaarte (0–10)
- Boontjiesak
- 'n Bord per leerder (om op te druk)
- 'n Houer per leerder met:
 - 1 diereteller
 - Kryte en papier

1. **Woordprobleme:** Leerders kan tellers of hul vingers gebruik om die probleme op te los.

Leidende vrae:

- ★ Ses leerders speel buite met 'n bal en twee speel klippie-hink. Hoeveel leerders speel buite?
- ★ As drie van die leerders wat met die bal speel, binnetoe gaan, hoeveel leerders sal buite oorbly?
- ★ As die twee leerders wat klippie-hink speel, nou binnetoe gaan, hoeveel leerders bly buite oor?


2. **Tel voorwerpe van 1–10:** Teken 'n klippie-hink-baan (0–10) met bordkryt. Leerders maak beurte om 'n getalsimboolkaart te kies. Hulle staan in die blok met 0, sê die getal op die kaart en gooi hul boontjiesak in die ooreenstemmende blok in die klippie-hink-baan. Leerders hop tot by hul blok en sê elk van die getalle waarop hulle hop op pad soontoe.



3. **Links en regs:** Leerders plaas hul linker-/regterhande op verskillende liggaamsdele.

Leidende vrae:

- ★ Kan jy jou linker-/regterhand op jou kop/agter jou rug/tussen jou knieë plaas?
 - ★ Kan jy jou linker-/regterhand op jou linker-/regteroog/-voet/-knie plaas?
- Leerders beweeg hul oë soos aangedui: na links, regs, op, af, van kant tot kant.

 **WENK**
Vra leerders regdeur die dag om vir jou te sê waar voorwerpe binne en buite die klaskamer is.

4. **Posisie en rigting:** Wys vir die leerders die pylrigtingkaarte een vir een. Leerders beweeg hul diereteller in die rigting wat gewys word.

Leerders teken 'n prent deur jou mondelinge instruksies te volg:

- ★ Teken 'n son bo-aan die bladsy.
- ★ Teken 'n huis in die middel van die bladsy, onder.
- ★ Teken 'n boom aan die linkerkant van die huis.
- ★ Teken twee kinders wat langs die boom staan.
- ★ Teken enigiets ver weg van die huis af.

Leidende vrae:

- ★ Waar is die huis/son/boom?
- ★ Wat is bo/onder/langs die huis?
- ★ Wat is links van die huis wanneer jy na jou prent kyk?
- ★ Waar staan die kinders?
- ★ Wat is in die middel van jou prent?
- ★ Wat het jy ver weg van die huis geteken?

**Maak seker leerders kan:**

- voorwerpe (hoppe) van 1–10 tel
- probleme met getalle 0–10 mondeling oplos
- rigtingaanwysings vir links/regs volg
- posisie- en rigting-woordeskat gebruik

WENK

Gebruik die speletjie, "Twister" as 'n vryekeuse-aktiwiteit of wanneer hulle buite speel.



Werkstasie 1

Wat jy nodig het

- Speeldeeg
- Speeldeegborde

Leerders gebruik die speeldeeg om 'n voorwerp te maak, byvoorbeeld, 'n nes, boks, mandjie, huis, kar, sak en dan een of meer ander voorwerpe wat binne-in, buite, langs, onder, bo-op die eerste voorwerp kan gaan. Hulle vertel vir mekaar 'n storie oor die voorwerpe wat hulle gemaak het deur "posisie"-woordeskat te gebruik.

Werkstasie 2

Wat jy nodig het

- 1 ysblokkiehouer
- 200 gekleurde tellers
- Dobbelsteen waarvan die kant met 6 kolle toegeplak is met 'n plakker met 'n "0" daarop

Die eerste leerder gooi die dobbelsteen en plaas daardie getal tellers in een van die bakkies van die ysblokkiehouer. Die volgende leerder doen dieselfde en plaas daardie getal tellers in die volgende bakkie. Herhaal.

Werkstasie 3

Wat jy nodig het

- Blare – 3 per leerder
- Skêr
- Gom
- Papier
- Kryte



Leerders knip die blaar middeldeur en plak een helfte op hul bladsy. Hulle teken die ander helfte.

WENK

As jy nie simmetriese blare kan vind nie, knip simmetriese vorms uit tydskrifte.

Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- Legkaarte met vier-en-twintig stukke (bladsy 112)
- Verskeidenheid ander legkaarte

Leerders bou legkaarte.

Fokus van Inhoudsarea: Meting

Onderwerpe

- Kapasiteit en volume

Nuwe kennis

- Kapasiteit
- Volume

Oefen

- Mondelinge tel: tel aan van 0–20 en verder, tel terug van 10–0
- Tel voorwerpe van 1–10
- Plaas getalle van 1–10 in volgorde
- Lengte en tyd – lengtekaart

Nuwe wiskunde-woordekat

skink/giet/gooi
maak vol

byna vol
byna leeg


wyd
nou

hoeveel hou ____?

Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiviteite voor:

- prent van 'n bad



- houer: emmer, beker, plastiekhouer van verskillende groottes
- 8 stelle van 6 prentkaarte van koppies wat almal verskillende hoeveelhede sand in het (sien Werkstasie 3).

Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- Rympie: *Vyf olifante in die bad* (bladsy 97)
- Storie: *Die Olifant se bad* (bladsy 98)
- Prente: olifant-frieskaart, bad
- Houers: emmer, beker, plastiekhouer van verskillende groottes

1. **Rympie:** Sê die rympie, *Vyf olifante in die bad*, op.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.

- Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders maak beurte om aan die getal voorwerpe in die klaskamer te raak, volgens die instruksies, byvoorbeeld, twee leerders raak aan vier boeke; een leerder raak aan 10 kryte, ensovoorts.
- Verken kapasiteit en volume:** Vertel die storie, *Die Olifant se bad*. Nadat jy Deel 1 van die storie vertel het, wys vir die leerders die prente van die olifant en die bad en bespreek die storie.

Leidende vrae:

- ★ Dink julle die olifant sal in die bad inpas?
- ★ Sal daar genoeg plek wees? Waarom/waarom nie?
- ★ Wat dink julle sal met die water gebeur wanneer hy in die bad klim?

Vertel Deel 2 van die storie. Wys vir die leerders die houers van verskillende groottes en bespreek wat die beste manier is om die brand te blus.

- ★ Hoe kan ons die brand blus?
- ★ Watter houer behoort ons te gebruik? Waarom?
- ★ Wat kan ons nog gebruik?

Vertel Deel 3 van die storie. Wys vir die leerders die houers van verskillende groottes en bespreek elkeen.

- ★ Wat kan die olifant gebruik om die swembad vol te maak?
- Leerders plaas die houers in volgorde van dié wat die minste water kan hou tot dié wat die meeste water kan hou (kleinste tot grootste kapasiteit).



WENK

Stel vrae om seker te maak leerders verstaan dat die emmer meer as die koppies of bekers kan hou, en dat hulle gevolglik nie so baie emmers sal nodig hê vir dieselfde hoeveelheid water nie.



WENK

Jou versameling houers moet duidelik wys watter meer/minder water hou.

- ★ Watter houer dink julle sal meer/minder water hou?
- ★ Hoe kan ons uitvind?
- ★ Kan julle die houers in volgorde plaas wat grootte betref? Watter houer sal eerste/tweede, ensovoorts, kom?

- Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 2

Wat jy nodig het

- Liedjie: *My emmertjie lek nou* (bladsy 98)
- Deursigtige beker, 10 klein klippies, 10 groot klippe
- Plastiekhouers van verskillende groottes
- 3 groot houers met water
- 3 plastiekmatte

- Liedjie:** Sing die liedjie, *My emmertjie lek nou*, vers 1 en 2.
- Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
- Tel voorwerpe van 1–10:** Plaas 10 klein klippies in die beker.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel klippies dink julle is daar in die beker?
- ★ Wie se raaskoot was die naaste aan reg?

Haal die klippies uit en plaas 10 groter klippe in die beker.

- ★ Hoeveel klippe dink julle is daar nou in die beker?
- ★ Dink julle daar is meer of minder klippe as voorheen?

4. **Meet kapasiteit en volume:** Wys vir leerders die versameling houers. Bespreek waarvoor elk gebruik word.

Leidende vrae:

- ★ Waar het julle al voorheen by die huis/by die skool houers soos hierdie gesien?

Hou die afsonderlike houers op.

- ★ Wat word dit genoem?
- ★ Waarvoor gebruik ons dit?

Leerders voorspel hoeveel kleiner houers nodig is om 'n groter houer vol te maak.

- ★ Hoeveel lepels/koppies/bakkies water dink julle sal nodig wees om die bak/emmer/beker vol te maak?

- ★ Hoe kan ons uitvind?
- ★ Hoe sal ons weet wanneer dit vol is?

Stel drie stasies op met verskillende houers en water en verdeel die leerders in drie groepe. Leerders in elke groep maak die verskillende houers vol water.

- ★ Hoeveel lepels/koppies/bakkies het julle gebruik?
- ★ Het julle meer lepels of meer koppies gebruik?



5. **Kleingroepaktiwiteit:** Beskryf die aktiwiteit by elke werkstasie.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Liedjie: *My emmertjie lek nou* (bladsy 98)
- 1 groot blou en 1 klein rooi plastiekkoppie
- Plastiekhouders van verskillende groottes (uit Dag 2)
- 3 groot houers met water (uit Dag 2)
- 10 klippe
- Beker
- Bak met water
- 3 plastiekmatte

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *My emmertjie lek nou*, vers 3 en 4.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10; probleemoplossing:** Leerders tel agt klippe terwyl jy dit in die beker sit.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel klippe sal daar wees as ek nog twee klippe in die beker sit?
- ★ Hoeveel klippe sal oorbly as ek drie klippe uithaal?
- ★ Hoeveel meer/minder klippe moet ek in die beker sit/uit die beker haal om tien/vier/ses klippe in die beker te hê?

4. **Meer, minder, net soveel:** Wys vir leerders die groot (blou) koppie en die klein (rooi) koppie.



Leidende vrae:

- ★ Dink julle die blou koppie sal meer/minder/net soveel hou as die rooi koppie?
- ★ Hoe kan ons dit toets?

Moedig die leerders aan om met idees vorendag te kom om hul voorstelle te toets.

Een leerder maak die kleiner (rooi) koppie vol water en giet die inhoud in die groter (blou) koppie.


- ★ Wat het julle almal opgemerk?
- ★ Hoeveel rooi koppies het _____ gebruik om die blou koppie vol te maak?
- ★ Kan _____ al die water in die blou koppie in die rooi koppie gooi? Wat sal gebeur?

'n Ander leerder maak die groter (blou) koppie vol en giet die inhoud in die kleiner (rooi) koppie.

- ★ Wat beteken dit as al die water in die blou koppie nie in die rooi koppie pas nie?
- ★ Hoe het ons getoets watter koppie meer/minder hou?

Herhaal die aktiwiteit uit Dag 2 met die drie stasies. Groepe verken hoe om een houer vol water te maak en in 'n ander houer te gooi/giet.

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

 **WENK**
Maak seker leerders maak die houers tot bo vol. Jy kan sand in plaas van water gebruik. As jy water gebruik, vra leerders waarvoor die water na die tyd gebruik kan word sodat dit nie vermors word nie.

 **WENK**
Sommige leerders sal tel "hoeveel" koppies/lepels, ensovoorts, nodig is om elk van die houers vol te maak. Dit skakel in by Getalle, Bewerkings en Verwantskappe.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Lank en kort*
- Maatband
- (Aktiwiteitsgids: Kwartaal 2, bladsy 103)
- Plakkers/etikette
- Bol tou
- Viltpen
- Lengtekaart uit Kwartaal 1 en 2
- Wondergom

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Lank en kort*.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Tel saam 10 leerders wat voor in die klas in 'n ry kom staan. Gee vir vier leerders elk 'n lang stuk tou. Gee vir ses leerders elk 'n kort stukkie tou.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel lang/kort stukke tou is daar?
- Leerders tel saam.

Herhaal met 10 ander leerders en verskillende lengtes tou.

4. **Meet lengte:** Kyk na die lengtekaart uit Kwartaal 1 en 2 en bespreek dit.

Leidende vrae:

- ★ Wie was/is die langste/kortste in die klas?
- ★ Hoe kan ons uitvind of jy nou langer is?

Leerders gebruik tou om die lengte van een helfte van die klas te meet en voeg hul metings by die lengtekaart.

- ★ Is daar 'n ander manier waarop ons jul lengte kan meet?

Wys vir leerders die maatband.



WENK

Leerders kan die maatband gebruik om mekaar tydens vryspel te meet.

- ★ Hoe kan ons 'n maatband gebruik?

Meet 'n paar leerders se lengte met die maatband. Skryf die lengte in sentimeter langs elk stukkie tou.

- ★ Hoe lank is jy?
- ★ Is jy korter/langer of net so lank as toe ons jou die vorige keer gemeet het?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 5

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Lank en kort* (Aktiwiteitsgids: Kwartaal 2, bladsy 103)
- Bol tou
- Lengtekaart uit Kwartaal 1 en 2
- Maatband
- Plakkers/etikette
- Viltpen
- Wondergom

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Lank en kort*.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Herhaal die tel-aktiwiteit uit Dag 4. Versamel al die stukkie tou.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel lang/kort stukke tou was daar?

4. **Meet lengte:** Kyk na die lengtekaart. Skat wie in die oorblywende helfte van die klas korter of langer sal wees as die leerders wat op Dag 4 gemeet is.

Leidende vrae:

- ★ Wie dink julle sal vandag die langste/kortste wees?
 - ★ Hoe het ons gister gemeet hoe lank die leerders is?
- Leerders meet die tweede helfte van die klas met die tou.
- ★ Is jy korter/langer of net so lank as die vorige keer toe ons jou gemeet het?
 - ★ Wie is nou die langste/kortste in die hele klas? Wie is die tweede langste/kortste?
 - ★ Watter onderwyser is korter/langer as ek?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Integrasie

Huistaal: Vergelyk en bespreek om probleme op te los.

Lewensvaardighede: Skatting en meting (byvoorbeeld, gedurende verversingstyd), sandspel en waterspel.

Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- | | |
|---|---|
| <ul style="list-style-type: none"> • 'n Houer per leerder: <ul style="list-style-type: none"> – 10 Unifix-blokkies – Getalsimboolkaart 0–10 – 1 plastiek-/papierkoppie – Papier en 'n kryt • Kolkaart 1–10 • Onbedrukte kolkaart • 3 plastiekkoppies/-glase van verskillende groottes: | <ul style="list-style-type: none"> 1 groot en nou, 1 klein en nou, 1 middelslag en wyd • Water-/koeldrankbottel • Plastiekhouders vir kos, byvoorbeeld, kosblikke – 1 per leerder • Groot houer met sand • Groot beker met water |
|---|---|

1. **Woordprobleem:** Leerders los die woordprobleem op met behulp van hul vingers of tellers en/of papier en kryt of klein witborde.

Leidende vrae:

- ★ Sewe diere swem in die rivier. Drie van die diere is seekoeie. Die res van die diere is olifante. Hoeveel olifante swem in die rivier?

2. **Tel voorwerpe:** Hou twee Unifix-torings op: een met ses blokkies en die ander een met vier blokkies.

Leidende vrae:

- ★ Watter toring het meer/minder blokkies?

Leerders gebruik die Unifix-blokkies in hul houders:

- ★ Hoeveel blokkies het jy nodig om 'n toring te bou wat net soveel blokkies as hierdie een het? (ses blokkies)
- ★ En hierdie een? (vier blokkies)
- ★ Hoeveel blokkies sal daar wees as jy albei torings bymekaar sit?

Leerders bou 'n toring met vyf blokkies minder.

- ★ Hoeveel blokkies het jou toring nou?

3. **Orden getalle 0–10:** Plaas saam die kolkaarte in volgorde van 0–10. Leerders tel Unifix-blokkies om by die aantal kolle te pas. Hulle plaas hul eie getalsimboolkaarte in volgorde van 0–10.

Leidende vrae:

- ★ Watter kaart kom eerste/volgende?

4. **Meet kapasiteit:** Wys vir leerders die kleinste en die grootste koppies/glase. Vra hulle om voor te gee dat hulle baie dors is.

Leidende vrae:

- ★ Watter koppie sal jy vol water maak?

Verwyder die klein koppie en vervang dit met die derde koppie.

- ★ Watter koppie dink jy hou meer/minder water?
- ★ Hoe kan ons uitvind?

Leerders maak beurte om die probleem te probeer oplos, byvoorbeeld, giet water uit twee koppies in 'n derde koppie en vergelyk die resultate.

- ★ Watter koppie hou meer?
- ★ Hoe weet jy dit?

Gee vir elke leerder 'n koppie en 'n koshouer. Gebruik die sand.

- ★ Hoeveel koppies sand dink jy sal nodig wees om jou houer vol te maak?

Leerders tel die getal kere wat hulle hul koppies vol maak en sand in hul houers giet totdat dit vol is. Hulle skryf die getal op 'n stukkie papier.

- ★ Hoeveel koppies sand het jy nodig gehad om jou houer vol te maak?
- ★ Was dit meer of minder as wat jy geskat het?



Maak seker leerders kan:

- probleme met die getalle 0–10 mondeling oplos
- versamelings voorwerpe van kleinste tot grootste tot by 10 in volgorde plaas
- hoeveelhede meet om uit te vind watter houer die groter kapasiteit en volume het
- woorde soos meer as, minder as, leeg, vol en maak vol gebruik

Werkstasie 1



Leerders baat daarby om aktiwiteite op verskillende vlakke te doen. Dit kan op die vloer gedoen word of hulle kan by 'n tafel staan.

Wat jy nodig het

- Groot bad/houer water
- Houers om mee te meet: lepels, koppies, bekere, plastiekhouders, bottels van verskillende groottes
- Plastieksakke (vir voorskote)

Leerders verken die konsepte van meer, minder, vol en leeg terwyl hulle verskillende houers met water vul, en vergelyk die hoeveelhede.

Werkstasie 2



Wat jy nodig het

- Groot houers – 1 per leerder
- 'n Verskeidenheid kleiner houers, byvoorbeeld, jogurtbakkies, lepels, plastiekhouers
- Papier en kryte
- Sand

Leerders kies 'n houer en tel die aantal kere wat hulle dit met sand vul om die groot houer vol te maak. Hulle teken 'n prent van hul houer en skryf die getalsimbool om die hoeveelheid niestandaard-meeteenhede wat gebruik is, voor te stel. Herhaal met verskillende houers.

Werkstasie 3



Wat jy nodig het

- 8 stelle van 6 prentkaarte van koppies wat almal verskillende hoeveelhede sand in het
- 6 papierkoppies per leerder
- Sand

Leerders orden die kaarte van leeg tot vol of van vol tot leeg. Hulle maak die papierkoppies met sand vol om by die kaarte te pas.

Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- Groot deursigtige waterbottels, rekkie/merkpen – 1 per leerder
- Verskeidenheid kleiner houers
- Emmer water
- Tregters om mee te skink

Leerders skat waar die watervlak in die groter houer sal wees wanneer die water uit die kleiner houer in die groter houer geskink word. Hulle dui hul skatting aan deur 'n rekkie op die vlak te plaas of trek 'n streep met 'n merkpen op die vlak wat hulle skat. Hulle toets dit dan.



Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe

Onderwerpe

- Herken getalsimbole en getalname
- Beskryf, vergelyk en orden getalle
- Getalverwantskappe
- Los probleme in konteks op

Nuwe kennis

- Ordinale getalle: sesde
- Verdeel sonder 'n res
- Dubbel/twee keer

Oefen

- Mondelinge tel: tel aan van 0–20 en verder, tel terug van 10–0
- Tel voorwerpe van 1–10
- Plaas getalle van 0–10 in volgorde
- Ordinale getalle eerste tot vyfde
- Tel in twees
- Tel op, trek af
- Halveer

Nuwe wiskunde-woordekat

dubbel/twee keer
tel aan
verdeel gelykop





verdeel tussen/onder
deel een
deel meer as een

hoeveel bly oor


Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- 'n prent van 'n individuele dier uit elk van die volgende getalfriesprente: sebra, meerkat, kameelperd, apie, padda, muis



- 5 plastiekdeksels/polistireenbakkies per leerder (byvoorbeeld van jogurtbakkies)
- getalleboek met die titel, *My getalleboek* – 1 per leerder (sien *Aktiwiteitsgids: Kwartaal 3*, bladsy 107 vir aanwysings om die boek te maak)
- 'n strook A3-papier – 1 per leerder
- 'n vel A4-papier met 'n prent van 'n boom met getalle 1–10 daarop geteken – 1 per leerder.



Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1


Wat jy nodig het

- Storie: *Die diere se resies* (bladsy 99)
- Getalfriessimbool- en prentkaarte vir getalle 1–10
- Prente van individuele getalfriesdiere (sebra, meerkat, kameelperd, apie, padda, muis)

1. **Liedjie/rympie:** Leerders sing 'n liedjie of sê 'n rympie van hul keuse op.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders sit in pare en kyk vir mekaar. Hulle maak beurte om mekaar se vingernaels van 1–10 te tel.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel naels het jy aan jou tone/ore/mond?
 - ★ Aan watter vingernael sal jy raak wanneer jy van nul af tel?
4. **Ordinale getalle eerste tot sesde (storie):** Leerders sit in 'n kring. Vertel die storie, *Die diere se resies*, deur die getalfriesprentkaarte (met al die diere daarop) vir die eerste deel van die storie te gebruik en die prente van die individuele diere vir die resies.



Leidende vrae:

- ★ Watter dier dink julle sal eerste/laaste/vierde in die resies kom? Waarom?
- Hou die dierekaarte op terwyl die leerders beskryf wie dalk eerste, tweede, ensovoorts, sal wees. Verander dit volgens hul voorstelle en redenasies. Bespreek hoe die verskillende diere beweeg, of dit hulle vinniger of stadiger sal maak en of dit die volgorde waarin hulle klaarmaak, sal beïnvloed.
5. **Ordinale getalle eerste tot sesde (resies):** Leerders hardloop in groepe van ses resies buite. Ses ander leerders gee vir elke leerder 'n getsimboolkaart van 1–6 na gelang van die volgorde waarin hulle van eerste tot sesde klaargemaak het. Herhaal met verskillende leerders.
 6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 2

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Ou oom Klasie het 'n plaas* (bladsy 99)
- Plakkaat 1
- Tamboeryn

1. **Liedjie:** Stel die liedjie, *Ou oom Klasie het 'n plaas*, bekend.

Leidende vrae:

★ Hoeveel moe-/oink-geluide, ensovoorts, het ons elke keer gesê? Leerders tel op hul vingers terwyl jy na die getal-wasgoedlyn wys.

2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.

3. **Tel voorwerpe van 1–10:**

Bespreek Plakkaat 1. Leerders tel voorwerpe op die plakkaat.

Leidende vrae:

★ Kan julle enigiets sien waarvan daar 10/9/2, ensovoorts, in die prent is?

Tel saam die voorwerpe wat hulle opnoem.



4. **Oefen 0–10; meer/minder:** Leerders gaan sit in hul werksgroepe op die mat terwyl jy die tamboeryn speel.

Leidende vrae:

★ Watter groep het een minder/meer, twee/drie minder/meer leerder/s as die ____ groep?

★ Hoe het julle dit uitgewerk?

★ As ons een leerder van die ____ groep vra om by die ____ groep aan te sluit, hoeveel meer leerders sal daar in die ____ groep wees?

★ Wat het ek nodig om ewe veel leerders in die ____ groep en die ____ groep te hê?

★ As die groep teruggaan na 'n tafel en sien dat daar vier stoele is, hoeveel stoele sal hulle nog nodig hê?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 3**Wat jy nodig het**

• Liedjie: *Ou oom Klasie het 'n plaas* (bladsy 99)

• Kol- en getalsimboolkaarte 0–10 (*Hulpbronstel*)
• 5 hoelahoepels

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Ou oom Klasie het 'n plaas*.

2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.

3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders sit in pare en kyk na mekaar. Hulle sit hul regterhande teen mekaar.

Leidende vrae:

★ Hoeveel vingernaels is daar altesaam as julle jul linker-/regterhande saam sit?

4. **Halvering:** Bespreek die getalle van die diere in die liedjie, *Ou oom Klasie het 'n plaas*.

Leidende vrae:

★ Kan julle jul vingers gebruik om vir my te wys van hoeveel skape/koeie, ensovoorts, ons gesing het?



- ★ Van watter diere het ons eerste/na die bokke/laaste, ensovoorts, gesing?

Kies twee leerders om perde te wees, vier om koeie te wees, ses om henne te wees, agt om ganse te wees, tien om slange te wees. Elke groep diere staan binne-in 'n hoelahoepel.

- ★ Kan die helfte van die skape/ganse langs my kom staan?
- ★ Hoe weet julle dat dit die helfte van die skape/ganse is?
- ★ As twee van die koeie buite die hoepel staan, hoeveel koeie bly binne-in die hoepel oor?

5. **Kolkaart 1–10; optel:** Wys 'n kolkaart tussen 1 en 10. Leerders roep die getal kolle uit wat hulle nodig het om by 10 te kom. Hulle gebruik hul vingers om hulle met die berekening te help.

Leidende vrae:

- ★ Hoe het julle besluit dat ons nog _____ kolle nodig het om 10 kolle te maak?

Herhaal die aktiwiteit met verskillende getalsimboolkaarte tussen 1 en 10.



WENK

Sê vir leerders wat nie vinnig reageer nie, om nie haastig te wees wanneer hulle hul antwoorde verduidelik nie. Maak seker dat dit hulle nie angstig maak om voor die groep te praat nie.

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Ou oom Klasie het 'n plaas* (bladsy 99)
- Getal-wasgoedlyn en getalsimbole van 1–10
- 5 gekleurde pennetjies

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Ou oom Klasie het 'n plaas*, en dramatiseer dit.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders sit in pare en kyk na mekaar. Hulle tel van 0 tot 10 deur 'n klapspeletjie te speel. Wanneer hulle “nul” sê, kap hulle op hul knieë; wanneer hulle “een” sê, klap hulle hul regterhande teen mekaar; wanneer hulle “twee” sê, klap hulle hul linkerhande teen mekaar, ensovoorts, totdat hulle by 10 kom. Herhaal die aktiwiteit.
4. **Tel in twees:** Leerders wat op Dag 3 perde en koeie was, staan in dieselfde twee groepe. Tel hoeveel oë daar in elke groep leerders is. Kies 'n leerder om na elke leerderpaar se oë te wys terwyl almal saam in twees tel, d.i. twee “perde” het 2, 4 oë; vier “koeie” het 2, 4, 6, 8 oë. Die vyf leerders wat met die dramatisering van die liedjie skape was, staan op.

Leidende vrae:

- ★ As ons tel hoeveel oë die vyf “skape” het, hoeveel oë sal daar altesaam wees?

Tel saam terwyl 'n ander leerder na elke paar oë wys.

5. **Oefen getalle 1–10 en plaas dit in volgorde:** Wys na die getal-wasgoedlyn en wys vir die leerders die gekleurde pennetjies. Verduidelik dat julle saam in twees gaan tel.

Leidende vrae:

- ★ Ons wil in twees tel, so kom ons begin by die getal 2. (*Draai die getal 1-kaart op die getal-wasgoedlyn om sodat "1" nie sigbaar is nie.*)
 - ★ As ons in twees tel, watter getal moet ons volgende sê? (*Antwoord: 4. Draai die getal 3-kaart om sodat die "3" nie sigbaar is nie.*)
- Herhaal die aktiviteit totdat leerders tot by 10 kom.

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 5

Wat jy nodig het

- Rympie: 1 en 1 (bladsy 100)
- Plakkaat 6
- Getalkaart vir 0
- Maskeerband/bordkryt

1. **Rympie:** Stel die rympie, 1 en 1, bekend. Leerders volg jou wanneer jy jou vingers van agter jou rug wys terwyl hulle die rympie opsê.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders trek hul skoene en sokkies uit. Hulle staan op hul linkervoete en tel die aantal toonnaels van die voet waarop hulle staan.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel toonnaels is daar aan jou voet op die vloer?
- ★ Wat moet jy doen om 10 toonnaels op die vloer te hê?

Leerders tel hul 10 toonnaels.

Herhaal die aktiviteit met hande/vingernaels.

4. **Springbaan:** Gebruik maskeerband of bordkryt om 'n getalle-springbaan van 10 blokke te teken en skryf die getalle 1–10 in die blokke. 'n Leerder spring terwyl die klas tel.

Leidende vrae:

- ★ Kan jy tot by die getalle 2, 4, 6 spring terwyl ons almal in twees tel?
- ★ Wat was die laaste getal waarop jy geland het terwyl ons in twees getel het?
- ★ Hoeveel blokke om van 2 tot 4, 4 tot 6, ensovoorts, te kom?

5. **Probeemoplossing:** Bespreek Plakkaat 6 met leerders. Gesels oor dit wat hulle in die prent kan sien.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel skape kan julle in die prent sien?
- ★ Watter getalsimbool sal ons gebruik om te wys dat daar geen skape is nie?

Wys die "0"-getalsimboolkaart.

- ✦ Van watter ander diere in die liedjie, *Ou oom Klasie het 'n plaas*, is daar niks nie?
- ✦ Laylah het een toebroodjie geëet. Pappa het dubbeld soveel geëet. Hoeveel toebroodjies het hy geëet?
- ✦ Laylah het twee appels vir die bok op die grond gegee. Sy het dubbeld soveel appels vir die bok bo-op die hooi gegee. Hoeveel appels het die bok bo-op die hooi gekry?
- ✦ Hoeveel perde is daar? Laylah het agt wortels. Hoe kan sy dit gelykop onder die perde verdeel?
- ✦ Kan Laylah 10 wortels gelykop onder vier perde verdeel? Hoe kan sy dit doen?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Integrasie

Huistaal: Vertel en dramatiseer stories, sluit getalle by stories in, neem deel aan vraag-en-antwoord-aktiwiteite.

Lewensvaardighede: Skep danse en speletjies wat getalle, ruimtelike vaardighede en probleemoplossingsvaardighede behels.

Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- Plakkaat 7
- 'n Houer per leerder met:
 - 10 gekleurde tellers
 - 5 plastiekdeksels
 - 10 dieretellers

1. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders tel almal hul tellers van 1–10.
2. **Woordprobleem:** Leerders gebruik hul tellers of hul vingers om die probleem op te los.

Leidende vrae:

- ✦ Tien diere moet by twee trôe water drink. Daar is ewe veel diere by elke trog. Hoeveel diere is daar by elke trog?

3. **Ordinale getalle eerste tot sesde:** Leerders plaas een van hul plastiekdeksels op die mat voor hulle en pak die diere in 'n ry, een agter die ander, sodat hulle na die "watertrog" kyk.

Leidende vrae:

- ✦ Waar is die voorkant/agterkant van die ry?
- ✦ Kan julle vir my die eerste/tweede/vyfde/sesde dier wys wat 'n beurt sal kry om by die trog te drink?



4. **Gelyke verdeling:** Leerders plaas 'n ander deksel voor hulle sodat hulle twee "watertrôe" het.

Leidende vrae:

- ✦ Kan jy jou diere gelykop tussen hierdie twee watertrôe verdeel?
- ✦ Hoeveel diere is by elke trog?

Leerders plaas al vyf deksels voor hulle.

- ✦ Hoeveel diere sal daar by elke trog wees as jy die diere gelykop tussen die vyf trôe verdeel?
- ✦ As jy een dier by een trog wegvat, hoeveel diere bly oor?



5. **Verdeling:** Leerders gebruik tellers om probleme oor Plakkaat 7 op te los.



Leidende vrae:

- ✦ Pappa koop 'n sakkie met drie lemoene. Hy sit nog twee lemoene in die sakkie. Vir hoeveel lemoene moet hy betaal?
- ✦ Thami kyk na vier houtdiere. Een dier het omgeval. Hoeveel staan regop?
- ✦ Pappa koop ses lemoene. As hy dit gelykop tussen sy familie by die mark verdeel, hoeveel lemoene sal elkeen kry?
- ✦ Mamma koop twee mandjies. Sy vra vir Pappa om die ses lemoene gelykop tussen die twee mandjies te verdeel. Hoeveel lemoene pak Pappa in elke mandjie?



Maak seker leerders kan:

- voorwerpe van 1–10 tel
- probleme met getalle 0–10 oplos
- tellers gelykop verdeel
- tellers tussen twee groepe verdeel
- eerste tot sesde identifiseer



Getalle 6–10 sal in Week 8 gedoen word.

Werkstasie 1

Wat jy nodig het

- Getalleboek – 1 per leerder
- Kryte

Leerders skryf die getalsimbool 1 en teken een voorwerp op die eerste bladsy, 2 op die tweede bladsy, ensovoorts, tot by 5.

Werkstasie 2

Wat jy nodig het

- Getalsimbole van 0–10, 1 stel per leerder (*Hulpbronstel*)
- 'n Strook A3-papier/karton – 1 per leerder
- Kryte/potlode

Leerders rangskik die getalsimboolkaarte in volgorde van 0–10 bo die strook papier. Herinner hulle om die getalsimbole bo die papierstrook uit te spreid sodat daar genoeg plek is vir hulle om die getalle op die papier neer te skryf. Hulle skryf die getalle op die strook papier onder elke simbool.



Werkstasie 3

Wat jy nodig het

- 'n Vel A4-papier met 'n prent van 'n boom met getalle 1–10 daarop geteken – 1 per leerder
- 2 dobbelstene per leerderpaar (op een van die dobbelstene moet die "5" en "6" met 'n plakker/papier bedek word)

Leerders werk in pare en maak beurte om die twee dobbelstene te gooi. Hulle tel die aantal kolle op die dobbelstene. Hulle vind die ooreenstemmende getal op die boom, omkring dit en kleur dit in. Sodra al die getalle op die boom ingekleur is, maak leerders 'n patroon van hul keuse deur getalsimbole om die rand van die bladsy te skryf.



Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- Blokstrukture in die blok-area – 1 per leerder
- Blokke

Bou blokstrukture in die blok-area of op die mat. Leerders kopieer elkeen een struktuur en ruil met maats totdat hulle elke struktuur gekopieer het. Hulle maak beurte om strukture vir mekaar te maak om te kopieer.



Fokus van Inhoudsarea: Getalle, Bewerkings en Verwantskappe

Onderwerpe

- Herken getalsimbole en getalname
- Beskryf, vergelyk en orden getalle
- Getalverwantskappe
- Los probleme in konteks op

Nuwe kennis

- Verdeel met 'n res

Oefen

- Mondelinge tel: tel aan van 0–20 en verder, tel terug van 10–0
- Tel voorwerpe van 1–10
- Plaas getalle van 0–10 in volgorde
- Vaslegging van getalkonsep 0–10
- Probleemoplossing van 1–10
- Verdeel sonder 'n res
- Halveer, verdubbel

Nuwe wiskunde-woordekat

hoeveel meer is _____ as _____
groepe van twee, drie, _____

hoër
laer

Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiviteite voor:

- getalbaar van 0–10 – 1 per leerder
- uitknipprente van appels – 3 per leerder



- 'n "heining" van karton, met die middel uitgesny (sien bladsy 74).

Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- Rympie: *1 en 1* (bladsy 100)
- 15 houers met:
 - Unifix-blokkies
 - 2 getalsimbool-/prent- of kolkaarte 0–10 (*Hulpbronsel*)

1. **Rympie:** Sê die rympie, *1 en 1*, op.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.

 **WENK**

Betrek al die leerders by die tel-aktiwiteit sodra jy geïdentifiseer het wat julle saam tel.

3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders kies watter voorwerpe hulle wil tel.

Leidende vrae:

- ★ Kan julle enige groep voorwerpe in die klaskamer sien wat lyk of dit 'n groep van 10 is?

Tel saam die voorwerpe.

- ★ Was daar te min/te veel/meer as 10, ensovoorts?

4. **Vergelyk getalle met mekaar:** Speel die speletjie, "Bou en vergelyk". Leerders sit en kyk vir 'n maat. Gee vir elke leerderpaar 'n houers met Unifix-blokkies en twee getalkaarte. Hulle haal elk 'n kaart uit sonder om na die getal te kyk. Wanneer hulle hul getalkaarte omdraai, sê hulle saam: "Een, twee, drie vergelyk."

Elke leerder sê vir sy/haar maat wat sy/haar getal is: "Ek het 'n ____." Hulle gebruik elkeen Unifix-blokkies om 'n toring te bou om hul getal voor te stel. Hulle vergelyk hul torings en getalle met mekaar deur die volgende woordeskat te gebruik: *meer, minder* en *net soveel as/gelyk aan* (byvoorbeeld, "ses is meer as vier").

Leerders ruil houers met 'n ander leerderpaar en herhaal die aktiwiteit.



Leidende vrae:

- ★ Wie het 'n getal wat meer (groter, hoër)/minder (kleiner, laer) as hul maat se getal is?
- ★ Hoeveel blokkies is daar in jou toring?
- ★ Wie het minder/meer blokkies in hul toring as hul maat?
- ★ Wie het nul blokkies in hul toring?
- ★ Wie het 'n getal wat dieselfde is as iemand anders s'n in die klas? Hoe weet julle dit?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 2

Wat jy nodig het

- Rympie: *1 en 1* (bladsy 100)
- 2 plat houers
- Getalsimbool-, prent- en kolkaarte vir 0–10 (*Hulpbronstel*)

1. **Rympie:** Sê die rympie, *1 en 1*, op.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Herhaal die aktiwiteit uit Dag 1.

WENK

Gebruik getalnaamkaarte vir daardie leerders wat die woorde kan lees/herken.

4. **Probleemoplossing van 1–10:** Leerders sit in 'n kring. Gee vir elke leerder 'n getalsimbool-, prent- of kolkaart.

Leidende vrae:

- ★ Kan jy vir my een/twee/drie meer/minder vingers wys as die getal op jou kaart?
- ★ Hoeveel meer/minder is _____ se getal as _____ s'n?
- ★ Wie het 10 bye op hul kaart? Wie het 'n getal wat vyf minder as dit is?
- ★ Wie se getalkaart het vyf apies op? Hoeveel arms het die vyf apies altesaam?
- ★ Wie het getalle wat kleiner as 6/groter as 3 is?



5. **Verdeel met of sonder 'n res:** Plaas twee houers in die middel van die mat. Leerders staan twee-twee op om hul getalkaarte in die twee houers te plaas.

Leidende vrae:

- ★ Sal daar ewe veel kaarte in elke houer wees?
- ★ Hoe sal ons uitvind?
- ★ Ons kan nie die kaarte in die helfte knip nie; so, wat moet ons doen as daar een ekstra kaart is?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Getalkaarte 0–10 (*Hulpbronsel*)
- Getal-wasgoedlyn
- 'n Wasgoedpennetjie

1. **Liedjie/rympie:** Leerders sing 'n liedjie of sê 'n rympie van hul keuse op.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders sit in 'n kring. Tel van 1–10 terwyl jy in die rondte om die sirkel beweeg.

Leidende vrae:

- ★ Watter leerder sal die volgende nommer 10 wees?
- ★ Wie sal die nommer 7 daarna wees?
- ★ Ons is op nommer 4. As ons nog twee bytel, watter getal sal dit wees?
- ★ Hoe het julle dit uitgewerk?
- ★ Dié leerders wat nommer 10's was, staan asseblief in die middel van die kring, en dié wat nommer 4's was, staan buite die kring.
- ★ Is daar meer/minder nommer 10's of nommer 4's?

- Oefen 0–10:** Speel die speletjie, “Knyp ’n getal vas”. Knyp ’n getal tussen 0 en 10 met ’n wasgoedpennetjie aan ’n leerder se rug vas. Ander leerders gee leidrade terwyl die leerder probeer raai wat die getal op sy/haar rug is, byvoorbeeld: “Jou getal is twee meer as drie”, ensovoorts. Lei hom/haar na die getal wanneer die leerder reageer. Moedig leerders aan om na die getal-wasgoedlyn te verwys. Herhaal die aktiwiteit ’n paar keer met verskillende leerders.
- Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Kol-, simbool- en getalnaamkaarte vir 1–10 (*Hulpbronstel*)

- Liedjie/rympie:** Leerders sing ’n liedjie of sê ’n rympie van hul keuse op.
- Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
- Tel voorwerpe van 1–10:** Herhaal die aktiwiteit uit Dag 3.
- Oefen getalle 1–10:** Speel die speletjie, “Getalle groter as/kleiner as”. Leerders staan in ’n kring. Gee vir elke leerder ’n getalkaart en roep instruksies uit, byvoorbeeld: “Gaan sit as jy ’n getal groter as 4/kleiner as 2 het.” Leerders maak seker dat hul klasmaats korrek is. Gaan voort totdat al die leerders sit.



Leidende vrae:

- ★ Het jy ’n getal wat twee meer as 3/drie minder as 6/die helfte van 8/twee keer 2, ensovoorts, is?
- Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 5

Wat jy nodig het

- Plakkaat 3

- Liedjie/rympie:** Leerders sing ’n liedjie of sê ’n rympie van hul keuse op.
- Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
- Tel voorwerpe van 1–10:** Bespreek Plakkaat 3. Tel die aantal winderige, sonnige, bewolkte en reëndae op die weerkaart in die prent.

Leidende vrae:

- ★ Daar is drie sonnige dae. Hoeveel sonnige dae moet ons nog hê om tien sonnige dae te hê?

4. **Oefen 0–10:** Stel vrae oor Plakkaat 3. Leerders kan hul vingers of tellers gebruik om probleme op te los, indien nodig.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel leerders sien julle in die klaskamer?
- ★ As vier leerders buitentoe gaan, hoeveel leerders sal in die klaskamer oorbly?
- ★ Hoeveel meisies is daar in die klaskamer? As nog drie meisies inkom, hoeveel meisies sal daar wees?
- ★ Daar is ses meisies in die klaskamer. Nog drie meisies kom in. Hoeveel meisies is daar nou?
- ★ Die onderwyser het ses blokkies om gelykop tussen die drie meisies te verdeel. Hoeveel blokkies sal elke meisie kry?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Integrasie

Huistaal: Kritiese denke en gee van menings.

Lewensvaardighede: Los probleme gedurende die dagprogram op en verduidelik hul redenering.

Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- | | |
|------------------------------|--|
| 'n Houer per leerder met: | • 'n "Heining" van karton, met die middel uitgesny |
| • 10 dieretellers | • Skêr |
| • Uitknipprente van 3 appels | • Struktuurkrale |

1. **Woordprobleme met tellers:** Leerders tel hul dieretellers. Stel woordprobleme oor die diere.

Leidende vrae:

- ★ Sandile het 10 diere. Hy bring drie diere in sy skuiling in vir die nag. Hoeveel diere moet hy nog inbring sodat al die diere binne is?

2. **Verdeel met 'n res:** Leerders sit in pare teenoor mekaar. Hulle pak hul 10 diere in 'n ry sodat die diere na hulle kyk.

Leidende vrae:

- ★ Het jy en jou maat ewe veel diere? Hoe weet jy dit?
- ★ Sandile wil hê jou diere moet twee-twee in sy skuiling inkom. Wys hoe hy hulle kan groepeer.
- ★ En drie-drie?



 **WENK**

Vestig leerders se aandag op die feit dat sommige dinge, soos die appel, deurgesny kan word om te deel, maar ander dinge, soos die diere, kan nie gesny word om dit te deel nie.

★ Wat let jy op? Wat kan ons doen omtrent die dier wat oorbly?
Maak tyd om na die leerders se voorstelle te luister oor hoe hulle die probleem van die oorblywende dier kan oplos.

Leerders plaas agt diere in hul houers en haal die uitknipprente van drie appels uit.

★ Hoe kan jy hierdie drie appels gelykop tussen jou twee diere verdeel?

Leerders probeer die probleem oplos. Wanneer hulle besef dat een appel oorbly, bespreek hoe om die appel in die helfte deur te sny en dit gelykop te verdeel.





3. **Kombinasies van 10 met dieretellers:** Leerders rangskik hul diere in 'n vertikale lyn. Hulle gebruik hul "heining" en verken op hoeveel verskillende maniere hulle hul "heining" kan gebruik om die diere in twee groepe te verdeel.

Leidende vrae:

★ Kan jy die "heining" so plaas dat daar vier diere aan een kant van die heining is?

Leerders "kamp" vier diere af en tel hulle.

Leerders loer deur hul heinings.



★ Hoeveel diere is daar aan die ander kant van die heining?

★ Hoeveel diere is daar altesaam?

Leerders tel die diere aan die ander kant van die heining en herhaal dan die aktiwiteit met ander kombinasies wat 10 maak.

★ Kan jy die heining so plaas dat daar ewe veel diere aan elke kant is?

4. **Kombinasies van 10 met struktuurkrale:** Vra leerders om vyf krale te wys. Moedig hulle aan om dit te doen sonder om in ene te tel.

Leerders hou vyf krale vas en begin van 5 af aan tel.

Tel aan van 5 tot by 8.

Leidende vrae:

★ Hoeveel krale het jy nog getel?

Hou vier/ses/drie krale vas. Tel aan van 4 af tot by 7/10/8, ensovoorts.

★ Hoeveel krale het jy nou?

**Maak seker leerders kan:**

- probleme met getalle 0–10 oplos
- van 'n gegewe getal – tot by 10 – aan tel
- tellers met 'n res gelykop verdeel
- groepe wat kombineer om 10 te maak, identifiseer

Werkstasie 1**Wat jy nodig het**

- 'n Vel A4-papier – 1 per leerder
- Sponse/watte/oorstokkies
- Verf in vlak houers
- Kryte

Leerders vou hul bladsye in die helfte. Hulle skryf 'n getal tussen 1 en 5 bo-aan een kant van die bladsy. Hulle doop sponse/watte/oorstokkies of 'n vinger in die verf en maak dieselfde getal kolle as die getal wat hulle geskryf het. Hulle vou die bladsy en druk dit plat om dieselfde getal op die teenoorstaande kant van die bladsy te maak. Hulle tel hoeveel kolle hulle nou het en skryf dan daardie getal neer.

**Werkstasie 2****Wat jy nodig het**

- Speeldeeg en matte
- Getalbaan van 0–10 – 1 per leerder

Leerders vorm “bakstene/blokkies” uit speeldeeg en bou torings om by die getalle op die getalbaan van 0–10 te pas.



Werkstasie 3

Wat jy nodig het

- Getalsimbole van 0–10 (Hulpbronstel) – 8 per leerderpaar
- Unifix-blokkies

Leerders werk in pare om “Bou en vergelyk” te speel. Elke leerder het vier getalsimboolkaarte in ’n hophie. Wanneer hulle elke getalsimbool omdraai, sê hulle saam: “Een, twee, drie vergelyk.” Elke leerder sê vir sy/haar maat wat sy/haar getal is: “Ek het ’n _____.” Hulle gebruik elkeen Unifix-blokkies om ’n toring te bou om hul getal voor te stel. Hulle vergelyk hul torings en getalle met mekaar deur die volgende woordeskat te gebruik: *meer*, *minder* en *net soveel as/gelyk aan* (byvoorbeeld, “ses is meer as vier”).

Hulle herhaal dit nog drie keer met ander getalsimbole. Hulle ruil hul stelde getalsimbole met ander leerders uit en speel weer die speletjie.



Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- Getalleboeke uit Week 7
- 'n Vel A4-papier
- Viltpenne/kryte
- Kramdrukker

Leerders voltooi die bladsye vir 6–10 in hul getalleboeke. Hulle maak koeverte vir hul boeke (deur velle A4-papier te vou en te kram). Hulle skryf hul name en die nommer van hul huis op die voorkant van die koevert.



WENK

Leerders kan hul eie “getalprent” skep wanneer hulle klaar is.

Fokus van Inhoudsarea: Ruimte en Vorm (Meetkunde)

Onderwerpe

- Kenmerke van vorms

Nuwe kennis

- Sorteer vorms volgens grootte, kleur en vorm
- Vormbehoud

Oefen

- Mondelinge tel: tel aan van 0–20 en verder, tel terug van 10–0
- Tel voorwerpe van 1–10
- Vorms: sirkel, vierkant, driehoek, reghoek
- Voorgrond-agtergrond-persepsie

Nuwe wiskunde-woordekat


skerp

rond



Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- kartonplakkaat met uitknipprente van vorms (reghoek, driehoek, sirkel en vierkant, almal in dieselfde kleur)




- 6 prente van alledaagse voorwerpe wat sirkel-, driehoek-, vierkant- en reghoekvorms bevat (sien bladsy 79)
- 32 vormkaarte as volg:
 - 8 geel vorms: 1 groot en 1 klein sirkel, vierkant, reghoek en driehoek
 - 8 blou vorms: 1 groot en 1 klein sirkel, vierkant, reghoek en driehoek
 - 8 rooi vorms: 1 groot en 1 klein sirkel, vierkant, reghoek en driehoek
 - 8 groen vorms: 1 groot en 1 klein sirkel, vierkant, reghoek en driehoek




- 4 bokse, elk met 'n ander vorm gemerk (vierkant, sirkel, driehoek, reghoek)

- 4 Bingo-speletjeborde met vorms (*Aktiwiteitsgids: Kwartaal 3*, bladsy 108)
- papiervorms van verskillende groottes en kleure (sirkel, vierkant, driehoek, reghoek)
- vorm-patroontemplant (uit spons of polistireenskuim (Styrofoam) gesny) vir drukwerk



- patroonkaarte met verskillende vormpatrone daarop – 1 per leerder



- legkaarte met vier-en-twintig stukke (bladsy 112).

Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Het jy 'n vierkant in jou hand?* (bladsy 100)
- Voorwerpe met sirkel-, vierkant-, driehoek- en reghoekvorms in 'n sak
- Kartonplakkaat met uitknippente van vorms
- Bordkryt
- 4 vormkaarte (sirkel, reghoek, vierkant, driehoek)
- Musiek wat opgeneem is (of 'n musiekinstrument)

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Het jy 'n vierkant in jou hand?*
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders werk in pare. Die eerste leerder kies 'n getal wat kleiner is as 10, byvoorbeeld, 6, en spring soveel keer terwyl hy of sy tel. Die ander leerder sê hoeveel keer hy/sy dink die leerder moet spring om 10 te maak, en maak dan seker deur te spring en te tel. Dan ruil hulle rolle.

4. **Van 3D na 2D:** Leerders sit in 'n kring. Plaas die vorm-plakkaat in die middel van die kring. Stuur die sak met voorwerpe in die rondte. Leerders maak beurte om 'n vorm op die plakkaat te identifiseer en voel dan vir 'n voorwerp in die sak wat daarby pas. Die voorwerp word bo-op die vorm geplaas.

Leidende vrae:

- ★ Kan jy 'n voorwerp voel wat 'n sirkel-/vierkant-/reghoek-/driehoekvorm het?
- ★ Kan jy die voorwerp by 'n vorm op die plakkaat pas?
- ★ Hoe voel die voorwerp?
- ★ Wat is dieselfde omtrent hierdie voorwerp en die vorms op die plakkaat?
- ★ Wat word hierdie vorm genoem?

5. **Kenmerke van vorms:** Teken een groot sirkel, vierkant, driehoek en reghoek met bordkryt op die vloer. Terwyl die musiek speel, beweeg leerders in die klaskamer rond. Hou een van die vormkaarte op wanneer die musiek ophou. Leerders staan rondom die ooreenstemmende vorm wat op die vloer geteken is.

Leidende vrae:

- ★ Wat word hierdie vorm genoem?
- ★ Hoeveel sye/hoeke/reguit rande/geboë rande het dit?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 2

Wat jy nodig het

- Liedjie: *'n Sirkel is soos 'n bal* (bladsy 100)
- 32 vormkaarte
- Prente van alledaagse voorwerpe wat vorms bevat
- Wondergom

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *'n Sirkel is soos 'n bal*, met aksies.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders staan in groepe en tel in antwoord op die vrae hieronder.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel leerders dra truie/skoene met veters/het skool toe gestap, ensovoorts?

4. **Oefen vorms:** Rangskik vormkaarte in afsonderlike hopies volgens vorm. Stal een van die prente van alledaagse voorwerpe uit. Nooi leerders om die vormkaart op die ooreenstemmende vorm in die prent te plaas. Bespreek die vorms met leerders.

Leidende vrae:

- ★ Kan jy een van hierdie vorms pas by dit wat in die prent is? Watter vorm is dit?
- ★ Hoe weet jy dit is 'n vierkant/reghoek/sirkel/driehoek?
- ★ Waarom is dit nie 'n vierkant/reghoek, ensovoorts, nie?



Bespreek ander vorms in die klaskamer.

- ★ Kan jy enige van hierdie vorms in die klaskamer sien?

Leerders gaan stap buite.

- ★ Kyk na die buitebande/bakstene/vensters. Watter vorm sien jy?
- ★ Kan jy 'n dak sien wat 'n driehoekvorm het?
- ★ Kan jy iets sien wat soos 'n sirkel lyk?

5. **Kleingroepaktiwiteit:** Beskryf die aktiwiteit by elke werkstasie.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Vorm-Hokey Pokey* (bladsy 100)
- Bordkryt
- 32 vormkaarte

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Vorm-Hokey Pokey*, met aksies.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Teken 'n groot sirkel, vierkant, driehoek en reghoek met bordkryt op die vloer. Nooi 'n paar leerders om binne-in die sirkel te staan.


Leidende vrae:

- ★ Hoeveel voete is daar in die sirkel?
- ★ Hoeveel hande is daar in die sirkel?
- ★ Hoeveel _____ is daar in die sirkel?

Herhaal met ander vorms.

4. **Kleur, grootte en vorm:** Gee vir elke leerder 'n vormkaart. Roep die naam van 'n vorm uit. Leerders met daardie vorm gaan na die bypassende vorm wat op die vloer geteken is. Hulle sing en dans die *Vorm-Hokey Pokey*-lied vir hul vorm. Roep die naam van 'n ander vorm uit en herhaal die aktiwiteit.

Versamel die vormkaarte en rangskik dit op die vloer in kolomme volgens vorm, grootte en kleur sodat jy vier kaarte in elk van die agt kolomme het. Leerders maak beurte om die vorms te soek volgens die kenmerke wat jy noem (kleur, grootte en vorm).



Leidende vrae:

- ★ Waar is die groot blou sirkel, ensovoorts?
- ★ Raak aan al die rooi vorms/klein driehoeke.

5. **Kleingroepaktiwiteit:** Beskryf die aktiwiteit by elke werkstasie.

Dag 4

Wat jy nodig het

- Liedjie: 'n Sirkel is soos 'n bal (bladsy 100)
- Getalsimbole vir 1–10
- 32 vormkaarte
- Attribuutblokke (Hulpbronstel)
- Kolkaarte 1–10 (Hulpbronstel)

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, 'n Sirkel is soos 'n bal, met aksies.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Plaas getalsimbole van 1–10 oral in die klaskamer. Hou 'n kolkaart op. Leerders stap/spring/hop tot by die korrekte getalsimbool.
4. **Oefen kenmerke van vorms:** Leerders sit rug aan rug in pare. Gee vir elke leerder 'n attribuutblok wat hulle maat nie moet sien nie. Een van die leerders stel vrae oor die maat se vorm totdat hy of sy kan raai wat dit is.

Leidende vrae:

- ★ Het dit reguit sye?
- ★ Hoeveel sye/hoeke het dit?

Plaas 'n attribuutblok agter jou rug. Beskryf die vorm en laat leerders raai wat dit is.


- ★ Dit het 4 gelyke sye en 4 hoeke. Wat is dit?
- ★ Dit het 2 lang sye en 2 kort sye. Wat is dit?

Kies 'n paar van die vormkaarte en plaas dit teen die muur in verskillende oriëntasies, byvoorbeeld, onderstebo, sywaarts. Vra leerders om die vorms te identifiseer.



WENK

Wanneer jy vir leerders prente in verskillende posisies wys, help dit hulle om vorms te herken selfs wanneer hulle anders georiënteer is.



Leidende vrae:

- ★ Watter vorm sien jy? Hoe weet jy dit?
 - ★ Kan jy 'n driehoek vind? Hoe weet jy dat dit 'n driehoek is?
5. **Kleingroepaktiwiteit:** Beskryf die aktiwiteit by elke werkstasie.

Dag 5

Wat jy nodig het

- 4 bokse, met verskillende vorms gemerk
- 32 vormkaarte
- Plakkaat 9

1. **Liedjie:** Leerders kies 'n vorm-liedjie om te sing.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders staan sy aan sy met 'n maat. Saam tel hulle en hop twee treë vorentoe, dan verander hulle van rigting en tel en hop nog twee treë vorentoe. Hulle gaan so voort tot hulle by 10 kom.
4. **Oefen vorms:** Sprei die vormkaarte op die mat uit en stal die bokse met verskillende vorms uit. Leerders maak beurte om 'n vormkaart te kies en dit in die korrekte boks te sit.

Leidende vrae:

- ★ In watter boks hoort jou vorm?
 - ★ Hoe is jou vorm dieselfde as die een op die buitekant van die boks?
5. **Herken vorms:** Bespreek Plakkaat 9. Gesels met leerders oor dit wat hulle in die prent sien.

Leidende vrae:

- ★ Watter vorms kan jy op die oranje gebou sien? Hoeveel vierkante/reghoeke kan jy tel? Hoe weet jy dit is 'n vierkant/reghoek?
 - ★ Kan jy enige vorms teen die muur agter Malusi vind? Watter vorm is dit? Waar anders kan jy hierdie vorm in die prent sien?
 - ★ Hoeveel sirkelvorms kan jy sien? Waar is hulle? Watter een is die grootste/kleinste sirkel? Hoeveel sirkels kan jy vind?
 - ★ Watter vorms sien jy teen die muur van die winkelgebou? Hoeveel sye/hoeke het die driehoek/reghoek?
 - ★ Waar kan jy klein driehoeke by Malusi en Ouma se huis sien?
6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Integrasie

Huistaal: Woordeskatontwikkeling, "wys en vertel", herkenning van vormwoorde.

Lewensvaardighede: Herken en beskryf vorms binne en buite die klaskamer; klippie-hink met vorms. (Teken 'n klippie-hink-baan met vorms buite. Leerders maak beurte om boontjiesakke in 'n vorm te gooi, hop oor die vorm waarin die boontjiesak land, en hop dan in die ander vorms.)



Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- Plakkaat 7
- Houer per leerder met:
 - 20 telstokkies
 - 'n Klein bal speeldeeg
- 32 vormkaarte
- 'n Speeldeegmat – 1 per leerder
- 4 Bingo-borde met vorms (in Kwartaal 3 gemaak)
- 10 attribuutblokke (*Hulpbronstel*) met dieselfde vorm (groot en klein) per leerderpaar

1. **Woordprobleme:** Vra leerders om na Plakkaat 7 te kyk. Hulle kan hul tellers of vingers gebruik om die probleme op te los.

Leidende vrae:

- ★ Daar is twee hout-olifante en twee hout-kameelperde by die mark te koop. Hoeveel houtdiere is te koop?
- ★ Die man braai vyf worsies. As sewe mense elkeen 'n worsie wil hê, hoeveel worsies moet die man nog braai?
- ★ Hoeveel appels het die vrugteverkoper op haar tafel? Die vrugteverkoper wil die appels in sakkies met drie appels per sakkie pak. Hoeveel sakkies appels kan sy pak?

2. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders tel elkeen 10 telstokkies uit.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel van jou stokkies is rooi/geel/groen, ensovoorts?

3. **Bou 'n vorm:** Gee vir leerders verskillende vormkaarte: driehoeke, vierkante en reghoeke. Leerders gebruik hul stokkies om die vorm op hul kaart te kopieer. Wys vir leerders hoe om speeldeeg te gebruik om die punte van die stokkies in plek te hou.



Leidende vrae:

- ★ Watter vorm het jy?
- ★ Hoeveel stokkies het jy nodig om hierdie vorm te maak?
- ★ Kan jy jou vorm in 'n driehoek/reghoek/vierkant verander?

4. **Vorm-Bingo:** Leerders werk in pare. Gee vir elk leerderpaar 'n Bingo-bord en vormkaarte. Sê die naam en grootte van 'n vorm op die Bingo-bord, byvoorbeeld, 'n groot sirkel, 'n klein driehoek. As leerders die vorm van hierdie grootte tussen hul kaarte het, plaas hulle dit op die ooreenstemmende blok op die Bingo-bord.



Maak seker leerders kan:

- voorwerpe van 1–10 tel
- probleme met getalle 0–10 mondeling oplos
- verskeie kenmerke (attribute) van 'n vorm identifiseer – kleur, vorm, grootte
- vorms bymekaar pas
- vorms kopieer



WENK


Bring hierdie aktiwiteit in verband met die tema vir die week.

Werkstasie 1

Wat jy nodig het

- Papiervorms in verskillende kleure (sirkel, vierkant, driehoek, reghoek) en in verskillende groottes
- Kryte
- Papier
- Gom
- 'n Vel A4-papier per leerder

Leerders plak die vorms met gom op die papier vas om prente/ontwerpe te maak.



Werkstasie 2

Wat jy nodig het

- Vorm-patroontemplate wat uit spons of polistireenskuim (Styrofoam) gesny is
- Verf in vlak bakkies
- Papier – 1 vel per leerder
- Plastiekmat
- Voorskote

Leerders druk die sponsvorms in die verf en druk dit op die papier om vormontwerpe te maak.



Werkstasie 3

Wat jy nodig het

- Vorm-patroonkaarte – 1 per leerder
- Attribuutblokke (*Hulpbronstel*)

Leerders kies 'n vorm-patroonkaart en gebruik attribuutblokke om die patrone te kopieer.

Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- Legkaarte met vier-en-twintig stukke (bladsy 112)
- Verskeidenheid ander legkaarte

Leerders voltooi die legkaarte volgens hul vermoëns.

Fokus van Inhoudsarea: Datahantering

Onderwerpe

- Versamel en sorteer voorwerpe
- Stel gesorteerde versamelings voorwerpe voor
- Bespreek en doen verslag oor gesorteerde versamelings voorwerpe

Nuwe kennis

- Piktogram wat 'n groter stel data toon

Oefen

- Mondelinge tel: tel aan van 0–20 en verder, tel terug van 10–0
- Tel voorwerpe van 1–10
- Plaas getalle van 1–10 in volgorde
- Probleemoplossing van 1–10
- Meer, minder, ewe veel
- Skatting
- Versamel, sorteer en stel versamelings voorwerpe voor
- Analiseer en doen verslag oor data

Nuwe wiskunde-woordeskat

miskien

moontlik

beslis/seker

Maak gereed

Berei die volgende vir hierdie week se aktiwiteite voor:

- naamkaarte vir maande van die jaar van Januarie tot Desember (8 cm breed)
- kaarte met leerders se name en geboortedatum (8 cm breed)
- 2 skinkborde: een met die byskrif "hard" en 'n prent van 'n potlood; een met die byskrif "sag" en 'n prent van 'n snesie
- 'n plakkaatgrootte bladsy wat in 4 blokke verdeel is. Merk elke blok deur 'n eenvoudige buitelyne van 'n kar, 'n persoon, 'n plant of dier in een hoek te teken (sien bladsy 92) – 1 plakkaat per groep
- 11 houers (byvoorbeeld, jogurtbakkies) elk met 'n getal van 0–10 gemerk
- 4 kleure speeldeeg
- versamelings van verskillende klein voorwerpe, byvoorbeeld, skulpe, takkies, blare, klippies
- 'n strook met prente van 6 vrugte – 1 per leerder
- 'n A4-vrugterooster met prente van 6 vrugte en 5 rye – 1 per leerder (bladsy 111).



Aktiwiteite vir die hele klas

Dag 1

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Maande van die jaar* (bladsy 100)
- Verjaarsdagkaart
- Seisoenkaart
- Weerkaarte

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Maande van die jaar*.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders staan in 'n kring. Hulle spring binne-in die kring in as hulle hul tande geborsel het met die naam van die tandepasta wat genoem word.

Leidende vrae:

- ✦ Spring in die kring in as jy vanoggend jou tande met Colgate/Aquafresh/Mentadent P geborsel het.
- ✦ Dink jy daar is meer/minder as 10 leerders binne-in die kring? Tel die leerders binne-in die kring.
- ✦ Was jou skatting byna reg?

4. **Versamel en sorteer data:** Kyk saam na die verjaarsdagkaart.

Leidende vrae:

- ✦ Hoeveel maande is daar in die jaar?
- ✦ Hoeveel maande is koud/warm/reënerig? Hoe weet julle dit?
- ✦ Hoe weet ons in watter maand ons nou is?
- ✦ Hoeveel verjaarsdae is daar op ons verjaarsdagkaart? Hoe weet julle dit?

Wys na die verskillende maande en vra leerders om die name te sê.

- ✦ Hoe weet julle wat die naam van hierdie maand is?
- ✦ Watter maand kom na/voor _____?

Sing weer die liedjie, *Maande van die jaar*, en vra leerders om albei hande op te steek wanneer hulle die naam van die maand hoor waarin hulle gebore is.

Vra 'n leerder om na elke maand te wys. Leerders staan as hulle verjaarsdag in die maand is waarna die leerder wys.

- ✦ In watter maand dink julle is die meeste verjaarsdae? Hoe weet julle dit?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 2

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Ek kan sorteer* (bladsy 100)
- Naamkaarte vir die 12 maande van die jaar

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Ek kan sorteer*.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.



WENK

Vra leerders om tandepastaboksies te bring wat hulle op die wiskundetafel moet plaas om te sorteer.



WENK

Vra leerders om vrae voor te stel wat hulle graag sal wil vra.

WENK

Ontwerp en illustreer 'n bladsy vir leerders om huis toe te vat om data oor hul families in te samel.

3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Herhaal die aktiwiteit uit Dag 1, maar met 'n fokus op die leerders se families.

Leidende vrae:

- ★ Spring in die kring in as jy enige ouer/ jonger broers/susters, oumas/tantes het wat by julle woon.
- ★ Dink jy daar sal meer leerders in die groep wees met niggies en neefs wat by hulle woon as die groep wat nie niggies en neefs het wat by hulle woon nie?
- ★ Was jou skatting amper reg?



4. **Rangskik maande in volgorde:** Leerders sit in 'n kring. Sprei die 12 naamkaarte met die maande van die jaar in die middel uit. Kies 'n leerder wat in die eerste maand van die jaar verjaar. Hy/sy wys na die maand op die verjaarsdagkaart. Vra verskillende leerders om die kaarte vir die maande waarna gewys word, te gaan haal. Stel voor dat hulle die maande in volgorde rangskik.

Leidende vrae:

- ★ Watter maand kom eerste?
Die leerder wat die kaart vashou, staan eerste.
- ★ Watter maand moet volgende/laaste kom?
- ★ Watter maand kom voor/na die maand waarin jou verjaarsdag is?
Herhaal met ander leerders.

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 3

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Ek kan sorteer* (bladsy 100)
- 'n Trom
- Naamkaarte vir 12 maande van die jaar
- Wondergom

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Ek kan sorteer*.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Herhaal die aktiwiteit uit Dag 1.

Leidende instruksies:

- ★ Spring in die kring in as jy 'n hond/kat/ hoender/vis by die huis het.
- ★ Tel die leerders wat in die kring in spring en stel verwante vrae.



4. **Versamel, sorteer en stel data voor:** Plaas die naamkaarte vir die 12 maande van die jaar in volgorde, met plek tussenin sodat die leerders hulle in 'n ry langs die kaarte kan rangskik. Speel die trom vir leerders om vrylik rond te beweeg. Wanneer die musiek ophou, staan die leerders in 'n ry langs die maand waarin hulle gebore is. Hulle sit in 'n ry en kyk na hul kaart.

WENK

Bespreek 'n manier om die diere wat die leerders tuis het, op te teken en voor te stel.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel leerders is in dieselfde maand as jy gebore?
- ★ In watter maand/e is die meeste/minste leerders gebore?
- ★ Hoe weet jy dit?
- ★ In watter maand is die meeste verjaarsdae? Hoe weet jy dit?

5. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 4**Wat jy nodig het**

- Liedjie: *Ek kan sorteer* (bladsy 100)
- Leerders se naamkaarte met hul geboortedatum
- 12 naamkaarte vir die maande van die jaar teen die muur, met plek tussenin

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Ek kan sorteer*.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Herhaal die aktiwiteit uit Dag 1.

Leidende instruksies:

- ★ Spring in die kring in as jy vanoggend voor sonop wakker geword het.
- ★ Spring in die kring in as jy gisteraand vroeër as die grootmense in jou huis gaan slaap het.

Tel die leerders wat in die kring in spring en stel verwante vrae.

4. **Versamel, sorteer en organiseer data:** Leerders sit in 'n kring. Plaas hul naamkaarte in die middel. 'n Paar leerders op 'n slag gaan haal hul naamkaarte. Wanneer al die leerders hul naamkaarte het, gaan sit hulle in groepe saam met ander leerders wat in dieselfde maand as hulle verjaar.

Leidende vrae:

- ★ Kan julle in volgorde sit van wie eerste, tweede, derde, ensovoorts, in die maand verjaar?


Leerders maak beurte om hul naamkaarte in volgorde van hul geboortedatums te plaas. Hul naamkaarte moet onder mekaar geplaas word sonder spasies tussenin.

WENK

Leerders kan hul gesig langs hul naam teken.



5. **Lees, interpreteer en doen verslag oor data:** Gesels oor die piktogram.

 **WENK** Die verjaarsdagkaart behoort teen die klaskamer se muur te wees sodat leerders dit kan gebruik.

Leidende vrae:

- ✦ Wat kan julle vir my van hierdie grafiek vertel?
- ✦ Watter verskil sal dit maak as ek my naam in die maand _____ byvoeg?
- ✦ Wat is dieselfde/verskillend omtrent hierdie grafiek en die verjaarsdagkaart?
- ✦ Is daar 'n maand waarin daar geen verjaarsdae is nie? Watter maand is dit?
- ✦ In watter maand is daar die minste/ewe veel/die meeste verjaarsdae? Hoe weet jy dit?

6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Dag 5

Wat jy nodig het

- Liedjie: *Ek kan sorteer* (bladsy 100)
- Plakkaat 3
- Piktogram
- Tandepastaboksies (wat leerders gebring het)

1. **Liedjie:** Sing die liedjie, *Ek kan sorteer*.
2. **Mondelinge tel:** 0–20 en verder, 10–0.
3. **Tel voorwerpe van 1–10:** Herhaal die aktiwiteit uit Dag 1.

Leidende vrae:

- ✦ Spring in die kring in as jy alleen in jou kamer slaap/'n bed/slaapkamer deel.

Tel die leerders wat in die kring in spring en bespreek dit.


Kyk na die tandepastaboksies op die wiskundetafel en identifiseer dit.

- ✦ Hoeveel Colgate-/Aquafresh-boksies, ensovoorts, dink jy is daar?

Tel elke groep saam.

- ✦ Hoe naby was jou skatting?
- ✦ Watter groep het meer/minder boksies?

4. **Lees, interpreteer en doen verslag oor data:** Bespreek die verjaarsdagkaart op Plakkaat 3.

 **WENK** Kyk na die seisoenkaart en jou weerkaarte vir die 12 maande van die jaar (as jy dit gehou het). Groepeer dit volgens seisoene.

Leidende vrae:

- ✦ Sien jy enige maande waar hulle dieselfde getal name het as op ons grafiek?
- ✦ In hoeveel maande is daar een/twee verjaarsdae?

- ★ In hoeveel maande op ons grafiek is daar een/twee verjaarsdae?
 - ★ In watter maand is daar die meeste verjaarsdae? Hoe weet jy dit?
5. **Probleemoplossing:** Kyk saam na die piktogram en stel vrae.
- Leidende vrae:**
- ★ Daar is _____ leerders wat in Maart gebore is. As drie nuwe leerders wat ook in Maart gebore is na ons klas toe kom, hoeveel name sal daar dan in Maart wees?
 - ★ _____ leerders is in Mei gebore. Twee van hierdie leerders is nie vandag by die skool nie. Hoeveel leerders wat in Mei gebore is, is vandag by die skool?
 - ★ Daar is drie maande waarin daar elk twee verjaarsdae is. Hoeveel verjaarsdae is daar altesaam in hierdie maande?
6. **Kleingroepaktiwiteite:** Beskryf die aktiwiteite by elke werkstasie.

Integrasie

Huistaal: Luister en Praat: deel idees, los probleme op en verduidelik oplossings; Ontluikende Lees en Skryf: verstaan dat 'n simbool iets voorstel.

Lewensvaardighede: Klassifiseer voorwerpe, versamel inligting om probleme op te los.

Kleingroepaktiwiteite

Onderwyser-gerigte aktiwiteit

Wat jy nodig het

- 'n Houer per leerder met:
 - 10 vrugtetellers ('n ander kombinasie vir elke leerder met nie meer as 5 van enige soort vrugte nie)
 - 'n Rooi, blou, groen, pers, geel en oranje kryt
- 'n Strook met prente van 6 vrugte – 1 per leerder
- 'n Houer met Unifix-blokkies
- 'n A4-vrugterooster met prente van 6 vrugte en 5 rye – 1 per leerder (bladsy 111)

1. **Probleemoplossing:** Bespreek woordprobleme met die leerders.
- Leidende vrae:**
- ★ Thami eet elke dag een piesang. Malusi en Laylah eet elk twee piesangs. Hoeveel piesangs moet Pappa elke dag vir die kinders in die familie koop?
2. **Tel voorwerpe van 1–10:** Leerders kyk na hul vrugtetellers.
- Leidende vrae:**
- ★ Hoeveel vrugte dink jy het jy?
 - ★ Dink jy julle het almal ewe veel vrugte?
- Elke leerder skat en tel dan hul vrugte.
3. **Sorteer voorwerpe:** Leerders groepeer hul tellers in verskillende soorte vrugte.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel verskillende soorte vrugte het jy?
 - ★ Het julle almal ewe veel van elke vrug? Hoe weet julle dit?
- Leerders plaas hul vrugte bo die bypassende vrug op hul strook.
- ★ Van watter vrug het jy die meeste/minste?
 - ★ Wie het ewe veel piesangs?
 - ★ Watter vrug is die grootste en neem die meeste plek op?
 - ★ Die duiwe is groter as die piesangs. Wat moet ons doen wanneer ons dit in 'n ry plaas om seker te maak dat ons kan sien watter groep die meeste/minste het?
 - ★ Wat anders kan ons gebruik om te wys hoeveel van elke vrug ons het?

Leerders bou torings uit Unifix-blokkies bo die prente van die vrugte om hul groepe vrugte voor te stel.

Vergelyk en bespreek leerders se Unifix-torings.

4. **Speletjie – stel groepe voor en ontleed:** Leerders neem 'n hand vol vrugte uit hul hophie. Hulle sorteer dit en kleur blokkies op hul rooster in volgens die getal van elke soort vrug. Die speletjie is klaar wanneer 'n leerder 'n kolom voltooi.

Leidende vrae:

- ★ Hoeveel blokkies het jy geel ingekleur vir piesangs?
- ★ Het enigiemand meer/minder blokkies vir hul piesangs ingekleur?
- ★ As jy nog een piesang gevat het, hoeveel blokkies sou jy geel ingekleur het?

**Maak seker leerders kan:**

- data voorstel deur voorwerpe te rangskik om by illustrasies te pas
- data voorstel deur blokkies in te kleur
- weet "hoeveel" op grond van data wat voorgestel word
- data vergelyk en tersaaklike vrae beantwoord

Werkstasie 1**Wat jy nodig het**

- 'n Versameling harde en sagte voorwerpe
- 2 skinkborde: een wat "hard" gemerk is; een wat "sag" gemerk is
- Papier en kryte
- Skêr

Leerders sorteer voorwerpe in dié wat hard is en dié wat sag is. Hulle bespreek ander maniere waarop hulle die dit kan sorteer. Hulle teken prente van harde en sagte voorwerpe, knip dit uit en plaas dit op die skinkborde.

WENK

Gee vir leerders viltpenne en klein kaartjies waarop hulle getalsimbole kan skryf en wat hulle by die houers kan voeg.

Werkstasie 2

Wat jy nodig het

- 11 houers, byvoorbeeld, jogurtbakkies wat met syfers gemerk is
- 8 stelle getalsimbole van 0–10 (*Hulpbronstel*)

Plaas die getalsimbole in 'n houpie op 'n skinkbord. Leerders sorteer dit in die bypassende houers. Hulle tel dan om seker te maak dat elke houer agt getalsimbole het.

Werkstasie 3

Wat jy nodig het

- 'n Plakkaatgrootte bladsy wat in 4 gemerkte blokke verdeel is
- Tydskrifte
- Skêr – 1 per leerder
- Gom

Leerders knip prente van verskillende karre, mense, plante en diere uit en plak dit in die toepaslike blok op die plakkaat.



WENK

Leerders kan 'n ekstra koekie maak en dit volgens hul eie beskrywing van hul versameling voorwerpe versier. Dit kan tydens verversingstyd bespreek word.

Werkstasie 4

Wat jy nodig het

- 4 kleure speeldeeg
- Versamelings van vier verskillende soorte klein voorwerpe, byvoorbeeld, skulpe, takkies, blare, klippies
- 4 plastiek- of polistireenbakkies

Plaas al die klein voorwerpe op een hoop en vra leerders om dit in die vier bakkies te sorteer. Hulle gebruik speeldeeg om koekies te maak en kies dan voorwerpe uit die bakkies om hul koekies te versier. Elke koekie moet met voorwerpe uit een van die bakkies versier word.



Sleutel	PATRONE, FUNKSIES EN ALGEBRA	RUIJTE EN VORM (MEETKUNDE)	METING	DATAHANTERING	OPMERKINGS
✓ = bevoeg ● = gedeeltelik bevoeg ✗ = nog nie bevoeg nie	Identifiseer eenvoudige herhalende patrone Kopieer en brei eenvoudige herhalende patrone uit Kopieer, brei uit en skep eie klankpatrone Skep eie patroon Verstaan die speltye "klippie-hink/Hasie"	Kan 'n legkaart met ten minste vier-en-twintig stukke bou Herken simmetrie in voorwerpe Volg rigtingaanwysings: vorentoe en agtertoe; op en af; links en regs Herken en identifiseer die sirkel, driehoek, vierkant en reghoek Beskryf, sorteer en vergelyk 3D-voorwerpe volgens ooreenkomste en verskille Beskryf, sorteer en vergelyk 2D-vorms volgens ooreenkomste en verskille	Meet en vergelyk voorwerpe volgens lengte, massa en kapasiteit en volume Onderskei tussen groot, groter, grootste en klein, kleiner, kleinste (Lengte) Verstaan dat apparaat ook gemeet kan word deur 'n maatband te gebruik	Versamel voorwerpe volgens groottes Sorteer versamelings voorwerpe voor Stel versamelings voorwerpe voor Versamel, sorteer en stel data voor volgens een eienskap Analiseer data deur vrae te gebruik Bespreek gesorteerde versamelings voorwerpe en doen verslag daaroor	Finale kodering
Leerders se name					
Datum					

Hulpbronne

Liedjies, rympies en stories

Week 1

Storie: *Getal 9-storie (met patroontemplant vir Getal 9-fries)*

Volgende kom nege Voëls. Hulle vlieg dae lank in die lug rond op soek na net die regte soort huis wat veilig en warm is. Hulle klap hul vlerke heeldag lank, en soek hoog en laag na 'n plek wat hulle 'n tuiste kan noem.

Uiteindelik vind hulle 'n huis wat lekker snoesig lyk. Die nege Voëls gaan sit op die vensterbank en loer in. Daar woon niemand in die huis nie!

Die Voëls gebruik hul snawels om materiaal bymekaar te maak om die getalsimbool 9 en die getalnaam nege te maak. Hulle plak dit op die voordeur van die huis vas. Elke Voël maak een deurklokkie vir die voordeur.

Daar is net een slaapkamer in die huis, maar gelukkig het voëls nie beddens nodig nie. Hulle hou daarvan om te sit en slaap!

Drie Voëls gaan sit op 'n vensterbank, drie Voëls sit op 'n stoel, en drie Voëls gaan sit op die bad se rand. Hulle pof almal hul vere uit om lekker warm kombesies te maak. Hulle is so moeg dat hulle nie kwetter of kweel nie – die nege Voëls slaap die hele nag deur en word nie die volgende oggend vroeg genoeg wakker om wurms vir ontbyt te vang nie.

Gelukkig lui die nege deurklokkies net toe die Voëls begin honger word. Hul vriendelike bure staan by die voordeur met lekker vet, sappige wurms om die Voëls te verwelkom: een Olifant van huis nommer 1, twee Sebras van huis nommer 2, drie Meerkatte van huis nommer 3, vier Kameelperde van huis nommer 4, vyf Apies van huis nommer 5, ses Eende van huis nommer 6, sewe Paddas van huis nommer 7 en agt Muise van huis nommer 8.

Rympie: *Twee klein kuikentjies*

Twee klein kuikentjies stap na die rivier
Toe kom nog twee verby en nou is hulle vier
Haas julle na die hooimied, hardloop om te wen
Hardloop kleine kuikentjies, terug na moeder hen.

Vier klein kuikentjies spring uit hul nes
Hier kom nog twee verby en nou is hulle ses
Haas julle na die hooimied, hardloop om te wen
Hardloop kleine kuikentjies, terug na moeder hen.

Ses klein kuikentjies sit op die hek en wag
Vir nog twee kuikentjies en nou is hulle agt
Haas julle na die hooimied, hardloop om te wen
Hardloop kleine kuikentjies, terug na moeder hen.

Agt klein kuikentjies, wat sal hulle daar sien
Hier kom nog twee verby en nou is hulle tien
Haas julle na die hooimied, hardloop om te wen
Hardloop kleine kuikentjies, terug na moeder hen.

Liedjie: *Eendjies, eendjies, twee in 'n ry*

Eendjies, eendjies, twee in 'n ry,
Eendjies, eendjies, kom twee-twee verby.
Kwaak! Kwaak! Kwaak!
Eendjies, eendjies, twee in 'n ry,
Eendjies, eendjies, kom twee-twee verby.
Kwaak! Kwaak! Kwaak!
Reguit dam toe stap hul nou,
In die water spring hul gou!
Kwaak! Kwaak! Kwaak!

Week 2

Storie: *Getal 10-storie (met patroontemplaat vir Getal 10-fries)*

Tien Bye zoem al heeldag rond en drink die sap – wat ons nektar noem – van die pragtige blomme in die buurt. Wanneer een By 'n blom met sappige nektar vind, doen hy 'n klein dansie om vir die ander Bye te laat weet dat daar kos naby is.

Die Bye moet gou 'n huis kry sodat hulle heuning kan maak van die nektar wat hulle bymekaar gemaak het. Hulle kyk na die laaste huis in die ry en besluit dat dit 'n perfekte byekorf sal maak – dit is wat bye hul huise noem.

Bye werk baie hard en doen hul werk baie goed. Hulle begin dus dadelik rondzoem om hul byekorf in te rig en dit gemaklik en knus te maak. Hulle maak hul voordeur uit boomtakies. Die getalsimbool 10 en die getalnaam tien kom op die voordeur saam met 10 deurklokkies. Die Bye maak gordyne vir hul vensters uit groen blare, hulle maak kerse van byewas en hulle maak heuning vir die donker nagte. Die koninginby rus in die korf terwyl die ander nege werkerbye heuning maak van die nektar wat hulle bymekaar gemaak het en dit in nege heuningpote skink. Vroeg die volgende oggend trek al tien Bye hul gestreepte geel-en-swart truitjies en hul swart stewels aan en gaan lewer 'n pot vol heuning by elk van hul nuwe bure af: die een Olifant van huis nommer 1, die twee Sebras van huis nommer 2, die drie Meerkatte van huis nommer 3, die vier Kameelperde van huis nommer 4, die vyf Apies van huis nommer 5, die ses Eende van huis nommer 6, die sewe Paddas van huis nommer 7, die agt Muise van huis nommer 8 en die nege Voëls van huis nommer 9.

Liedjie: *Tien heuningbytjies*

Tien heuningbytjies zoem rond in die lug
Een vlieg na die byekorf
Nog een na 'n blom
Hoeveel heuningbytjies bly oor in die lug?
Agt heuningbytjies bly oor in die lug.
Agt heuningbytjies zoem rond in die lug
Een vlieg na die byekorf
Nog een na 'n blom
Hoeveel heuningbytjies bly oor in die lug?
Ses heuningbytjies bly oor in die lug.

Ses heuningbytjies zoem rond in die lug
Een vlieg na die byekorf
Nog een na 'n blom
Hoeveel heuningbytjies bly oor in die lug?
Vier heuningbytjies bly oor in die lug.
Vier heuningbytjies zoem rond in die lug
Een vlieg na die byekorf
Nog een na 'n blom
Hoeveel heuningbytjies bly oor in die lug?
Twee heuningbytjies bly oor in die lug.
Twee heuningbytjies zoem rond in die lug
Een vlieg na die byekorf
Nog een na 'n blom
Hoeveel heuningbytjies bly oor in die lug?
Geen heuningbytjies bly oor in die lug.

Storie: *Die byekorwe*

Elke dag verlaat die tien Bye hul byekorf en gaan zoem rond op soek na blomme. Op 'n dag vlieg hulle 'n bietjie verder in die bos in waar die bome hoog is. Hulle kan ander bye hoor zoem, en toe hulle nader vlieg, sien hulle baie byekorwe in die bome. Hulle sien baie bye wat by elke byekorf in en uit vlieg. Daar is te veel bye om te tel.

Kom ons maak of die tellers die bye is en jul deksels die byekorwe.

Week 3

Liedjie: *Tien groen paddatjies*

Tien groen paddatjies sit op die wal
Tien groen paddatjies sit op die wal
En as een groen paddatjie in die water val
Bly daar nege groen paddatjies oor op die wal.
(Herhaal vir nege, agt, sewe, ses, vyf, vier, drie, twee)
Een groen paddatjie sit op die wal
Een groen paddatjie sit op die wal
En as die laaste groen paddatjie in die water val
Bly daar geen groen paddatjies oor op die wal.

Storie: *Getal 0-storie* (met patroontemplant vir Getal 0-fries)

Al die diere bly nou gelukkig langs mekaar in hul eie huise. Hulle gaan uit hul pad om vriendelik met mekaar te wees.

Eendag, toe Olifant by sy venster uitkyk, sien hy 'n masjien wat 'n gat in die grond langs hom grawe. Oor die volgende paar dae en weke kyk al die diere terwyl 'n nuwe huis reg voor hul oë gebou word. Daar word sement gemeng, bakstene word gelê, 'n dak word opgesit en vensters ingesit. Uiteindelik is die huis klaar. Dit is 'n pragtige huis, wat sterk en goed gebou is. "Wie gaan in hierdie pragtige nuwe huis kom woon?" wonder die diere. Hulle kom almal buite die deur van die nuwe huis bymekaar om hul nuwe bure te ontmoet. Daar is nie 'n deurklokkie teen die voordeur nie, maar die vier Kameelperde sien dat die deur oop is en steek hul lang nekke by die deur in. "Enigiemand tuis?" roep hulle. Maar niemand is tuis nie.

Die diere drom almal in die huis saam. Die huis is leeg. Die Voëls vlieg van vertrek tot vertrek, maar daar is geen meubels nie – geen bed, geen tafel en geen stoele nie. Daar is niks nie ... nul.

Tot vandag toe het niemand nog in die nuwe huis kom woon nie. Dit bly leeg, met niks binne-in nie. Die diere noem dit die nul-huis, want dit is die woord wat "niks" beteken.

Week 4

Liedjie: *Klap, klik en stamp*

(Op die wysie van *Twinkle, twinkle, little star*)

Patrone oral om ons rond

Ons maak dit met hand, voet en mond

Klap en klik, stadig, gou

Maak gereed, hier gaan ons nou,

Almal kyk wat ek nou maak

Kan julle dit ook baasraak ...

Klap hande, klik tonge/klik vingers, stamp voet;

klap hande, klik tonge/klik vingers, stamp voet

(ABC-patroon)

(Stel elke dag 'n nuwe patroonreeks bekend.)

Week 5

Liedjie: *Die rigting-liedjie*

(Op die wysie van *This is the way ...*)

Draai om en raak aan die grond,

Draai na links en draai na regs.

Draai om en raak aan die grond,

Draai na links en draai na regs.

Koor:

Spring na links en spring na regs,

Spring dan vorentoe en weer terug.

Spring na links en spring na regs,

Spring dan vorentoe en weer terug.

Gaan nou sit en staan weer op,

Spring op en af en klap jou hande.

Gaan nou sit en staan weer op,

Spring op en af en klap jou hande.

Week 6

Rympie: *Vyf olifante in die bad*

Een olifant het gaan swem,

Klop, klop,

Plas, plas,

Kom gerus in.

Twee olifante het gaan swem,

Klop, klop,

Plas, plas,

Kom gerus in.

Drie olifante het gaan swem,

Klop, klop,

Plas, plas,

Kom gerus in.

Vier olifante het gaan swem,

Klop, klop,

Plas, plas,

Kom gerus in.

Vyf olifante het gaan swem,

Klop, klop,

Plas, plas,

Toe val almal in.

Storie: Die Olifant se bad

Deel 1

Op 'n dag loop Olifant van sy huis af rivier toe. "Haai, Olifant," sê sy bure, die Apies, "waarheen is jy op pad?"

Olifant sê: "Ek gaan 'n entjie stap om 'n plek te soek waar ek kan bad."

"Hmmm," sê die Apies. "Dis ver om te gaan. Ons het 'n bad. Hoekom kom bad jy nie by ons nie?"

Deel 2

Olifant verduidelik dat hy liever rivier toe sal gaan om daar te bad. Hy gaan staan voor die Kameelperde se huis. "Haai, Olifant," sê die Kameelperde, "waarom het jy 'n emmer by jou?"

Olifant antwoord: "Ek het 'n emmer by my sodat ek dit by die rivier vol lekker vars water kan maak om te drink."

Toe hy naby die rivier kom, hardloop 'n klein seuntjie verby Olifant na die rivier toe waar hy 'n beker en 'n paar koppies vol water maak.

Terwyl die klein seuntjie verby Olifant hardloop, vertel hy hom dat daar 'n brand by die kampeerterrrein is.

Olifant druk sy slurp in die rivier, maak sy emmer vol water en volg die klein seuntjie tot by die brand. Olifant en die klein seuntjie gooi die water op die vuur om dit te blus.

Deel 3

Dis nou warm, en Olifant wil graag in die koel water rondrol. Terwyl hy in die water plas en baljaar en opgewonde trompetter, dink hy oor hoe hy sy eie swembad in sy agterplaas kan maak. In die winkel het hy opblaasswembaddens gesien. Hy sal 'n baie groot swembad nodig hê, en hy sal moet dink oor hoe hy dit vol water gaan maak.

Liedjie: My emmertjie lek nou

My emmertjie lek nou, Marietjie, Marietjie
My emmertjie lek nou, Marietjie, dit lek.
Stop toe dan die gaatjie, Stefanus, Stefanus
Stop toe dan die gaatjie, Stefanus, maak gou.

Hoe keer ek die water, die water, Marietjie?
Hoe keer ek die water, Marietjie, met wat?
Met strooi, Stefanus, Stefanus, Stefanus
Met strooi, Stefanus, Stefanus, maak gou!

Die strooi is te lank ...

So sny dit ...

Met wat moet ek dit sny? ...

Met 'n mes ...

Die mes is te stomp ...

Maak skerp dan die mes ...

Hoe maak ek dit skerp? ...

Met 'n klip ...

Die klip is te droog ...

Maak nat daardie klip ...

Hoe maak ek dit nat? ...

Met water ...

Hoe skep ek die water? ...

Met 'n emmer ...

MAAR MY EMMERTJIE LEK DAN!

Week 7

Liedjie: *Ou oom Klasie het 'n plaas*

Ou oom Klasie het 'n plaas
HIE-HA, HIE-HA, HO
En op sy plaas is daar 'n vark
HIE-HA, HIE-HA, HO
Met 'n oink-oink hier
En 'n oink-oink daar
Hier 'n oink, daar 'n oink
Oral oor 'n oink-oink
Ou oom Klasie het 'n plaas
HIE-HA, HIE-HA, HO.
Ou oom Klasie het 'n plaas
HIE-HA, HIE-HA, HO
En op sy plaas is daar twee perde
HIE-HA, HIE-HA, HO
Met 'n runnik-runnik hier
En 'n runnik-runnik daar
Hier 'n runnik, daar 'n runnik
Oral oor 'n runnik-runnik
Ou oom Klasie het 'n plaas
HIE-HA, HIE-HA, HO.

Gaan voort met:

drie eende (kwaak-kwaak hier, kwaak-kwaak daar)
vier koeie (moe-moe hier, moe-moe daar)
vyf skape (mê-mê hier, mê-mê daar)
ses hennie (kloek-kloek hier, kloek-kloek daar)
sewe bokke (bê-bê hier, bê-bê daar)
agt ganse (blaas-blaas hier, blaas-blaas daar)
nege donkies (hie-ha hier, hie-ha daar)
Ou oom Klasie het 'n plaas
HIE-HA, HIE-HA, HO
En op sy plaas is daar tien slange
HIE-HA, HIE-HA, HO
Met 'n sis-sis hier
En 'n sis-sis daar
Hier 'n sis, daar 'n sis
Oral oor 'n sis-sis

En 'n oink-oink hier
En 'n oink-oink daar
Hier 'n oink, daar 'n oink
Oral oor 'n oink-oink
'n Runnik-runnik hier
En 'n runnik-runnik daar
Hier 'n runnik, daar 'n runnik
Oral oor 'n runnik-runnik
'n Kwaak-kwaak hier
En 'n kwaak-kwaak daar
Hier 'n kwaak, daar 'n kwaak
Oral oor 'n kwaak-kwaak
En 'n moe-moe hier
En 'n moe-moe daar
Hier 'n moe, daar 'n moe
Oral oor 'n moe-moe
(*Gaan so voort vir die ander diere*)
Ou oom Klasie het 'n plaas
HIE-HA, HIE-HA, HO.

Storie: *Die diere se resies*

Eendag word die diere wakker en sien dat daar doudruppels op hul vensters is. Dis bewolk en koel buite. Olifant blaas sy trompet om al die diere bymekaar te roep. Toe hulle hom hoor trompetter, weet hulle dat hulle in die groot veld agter hul huise bymekaar moet kom. Hy stel voor dat hulle 'n resies hou – om die veld, en dan af na die rivier toe en terug. Hy vra die Eende om in die bome te gaan sit om seker te maak dat die hardlopers op die baan bly. Die Voëls en die Bye moet weer bo die hardlopers vlieg om seker te maak dat hulle veilig is tydens die resies.

Daar is nie baie plek op die baan nie, en net ses hardlopers kan aan die resies deelneem. Daar heers groot opgewondenheid terwyl hulle besluit watter een van die Sebras, Meerkatte, Kameelperde, Apies, Paddas en Muise aan die resies gaan deelneem.

Hulle tree aan en spring weg toe Olifant sy trompet blaas.

Rympie: 1 en 1

1 en 1 is 2, twee keer 1, twee keer 1, (Wys een vinger van elke hand)

1 en 1 is 2.

2 en 2 is 4, twee keer 2, twee keer 2, (Wys twee vingers van elke hand)

2 en 2 is 4.

3 en 3 is 6, twee keer 3, twee keer 3, (Wys drie vingers van elke hand)

3 en 3 is 6.

(Gaan voort tot by 5 en herhaal dan)

Week 9

Vorm-liedjie: Het jy 'n vierkant in jou hand?

(Op die wysie van *If you're happy and you know it*)

Het jy 'n vierkant in jou hand? Staan op!

Het jy 'n vierkant in jou hand? Staan op!

Het jy 'n vierkant in jou hand, het jy 'n vierkant in jou hand,

Jy met 'n vierkant in jou hand, staan op!

(Herhaal met ander vorms)

Vorm-liedjie: 'n Sirkel is soos 'n bal

(Op die wysie van *The farmer's in the dell*)

'n Sirkel is soos 'n bal,

'n Sirkel is soos 'n bal,

Al in die rondte,

Om en om.

'n Sirkel is soos 'n bal!

'n Vierkant is soos 'n boks,

'n Vierkant is soos 'n boks,

Dit het vier sye,

Hulle is almal ewe lank.

'n Vierkant is soos 'n boks!

'n Driehoek het drie sye,

'n Driehoek het drie sye,

Op teen die berg,

Af en weer terug.

'n Driehoek het drie sye!

'n Reghoek het vier sye,

'n Reghoek het vier sye,

Twee sye is lank, en

Twee is weer kort.

'n Reghoek het vier sye!

Liedjie: Vorm-Hokey Pokey

Eers jou sirkel in,

Dan jou sirkel uit,

Eers jou sirkel in,

En draai om en om.

Een tree na links, een tree na regs

Hande klap en rondomtalie draai!

Nou jou reghoek in ...

Nou jou vierkant in ...

Nou jou driehoek in ...

Week 10

Liedjie: Maande van die jaar

Januarie, Februarie, Maart, April, Mei,

Junie, Julie

Augustus, September, Oktober, November,

Desember (x2)

Januarie, Februarie, Maart, April, Mei,

Junie, Julie.

Liedjie: Ek kan sorteer

Ek kan sorteer, ek kan sorteer, ek kan sorteer,
weer en weer.

Ek kan groepeer, en ek kan sorteer, weer
en weer.

Ek sorteer die groottes, ek sorteer die kleur.

Ek sorteer die vorms, dit kan jou baie leer.

Ek kan sorteer, ek kan sorteer, ek kan sorteer,
weer en weer.

Ek kan groepeer, en ek kan sorteer, weer
en weer.


Ek sorteer hoe goed voel, ek sorteer hul name.

En daarom kan ek vir jou sê wat hoort
alles tesame.

Ek kan sorteer, ek kan sorteer, ek kan sorteer,
weer en weer.


Ek kan groepeer, en ek kan sorteer, weer
en weer.






q


nege





tien


10



O


nu

Speeldeeg-patroontemlaat: Getal 9




nege

Speeldeeg-patroontemplaat: Getal 10



Speeldeeg-patroontemlaat: Getal 0



Verbind-die-kolle (Week 1)



Roomys-aktiwiteit (Week 1)



Getal-legkaart (Week 2)



een	1	<table border="1"><tr><td>●</td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr><tr><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr></table>	●									
●												
twee	2	<table border="1"><tr><td>●</td><td>●</td><td></td><td></td><td></td></tr><tr><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr></table>	●	●								
●	●											
drie	3	<table border="1"><tr><td>●</td><td>●</td><td>●</td><td></td><td></td></tr><tr><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr></table>	●	●	●							
●	●	●										
vier	4	<table border="1"><tr><td>●</td><td>●</td><td>●</td><td>●</td><td></td></tr><tr><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr></table>	●	●	●	●						
●	●	●	●									
vyf	5	<table border="1"><tr><td>●</td><td>●</td><td>●</td><td>●</td><td>●</td></tr><tr><td></td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr></table>	●	●	●	●	●					
●	●	●	●	●								
ses	6	<table border="1"><tr><td>●</td><td>●</td><td>●</td><td>●</td><td>●</td></tr><tr><td>●</td><td></td><td></td><td></td><td></td></tr></table>	●	●	●	●	●	●				
●	●	●	●	●								
●												
sewe	7	<table border="1"><tr><td>●</td><td>●</td><td>●</td><td>●</td><td>●</td></tr><tr><td>●</td><td>●</td><td></td><td></td><td></td></tr></table>	●	●	●	●	●	●	●			
●	●	●	●	●								
●	●											
agt	8	<table border="1"><tr><td>●</td><td>●</td><td>●</td><td>●</td><td>●</td></tr><tr><td>●</td><td>●</td><td>●</td><td></td><td></td></tr></table>	●	●	●	●	●	●	●	●		
●	●	●	●	●								
●	●	●										
nege	9	<table border="1"><tr><td>●</td><td>●</td><td>●</td><td>●</td><td>●</td></tr><tr><td>●</td><td>●</td><td>●</td><td>●</td><td></td></tr></table>	●	●	●	●	●	●	●	●	●	
●	●	●	●	●								
●	●	●	●									
tien	10	<table border="1"><tr><td>●</td><td>●</td><td>●</td><td>●</td><td>●</td></tr><tr><td>●</td><td>●</td><td>●</td><td>●</td><td>●</td></tr></table>	●	●	●	●	●	●	●	●	●	●
●	●	●	●	●								
●	●	●	●	●								

Vrugterooster (Week 10)

5

4

3

2

1



Legkaart met vier-en-twintig stukke

